

Die uitbeelding van koning Shaka (ca. 1781–1828) in die Suid-Afrikaanse literatuur

Johann Lodewyk Marais

Johann Lodewyk Marais, Eenheid vir Akademiese Geletterdheid, Universiteit van Pretoria

Opsomming

Oor die historiese figuur Shaka kaSenzangakhona (ca. 1781–1828), die eerste koning van die Zulu's, is reeds baie deur historici en skrywers geskryf, wat op verskillende fasette van hierdie legendariese en omstrede Zulumonarg se lewe en bydrae klem lê. Die vroegste geskryfte oor Shaka is dié van Britse jagter-handelaars en avonturiers wat hulle van 1824 in Port Natal (later Durban) begin vestig het om handel met die landelike bevolking langs die ooskus en in die binneland te dryf. Ander bronne is van mondelinge oorleweringe wat meestal lank na sy dood versamel en gepubliseer is.

Een van die eerste romans oor Shaka was dié van die Engelse skrywer H. Rider Haggard (1856–1925), *Nada the Lily* (1892), wat Shaka as 'n roekelose koning met 'n onnatuurlike persoonlikheid uitbeeld. Swart skrywers soos Magema Fuze (1840–1922), John L. Dube (1871–1946) en Sol T. Plaatje (1876–1932) het gedurende die 20ste eeu oor Shaka geskryf. Van besondere betekenis is Thomas Mofolo (1876–1948) se invloedryke *Chaka* (1926), die eerste groot roman in een van die inheemse tale, Sesotho. Skrywers soos E.A. Ritter (1890–1969) se *Shaka Zulu* (1955) en Donald R. Morris (1924–2002) se *The washing of the spears: A history of the rise of the Zulu nation under Shaka and its fall in the Zulu War of 1879* (1966) het Shaka verder bekendgestel.

Hierdie artikel gee veral aandag aan die werk van D.J. Opperman (1914–1985), P.P.R. van Coller (1926–1958), Stephen Gray (1941–2020), Pieter Fourie (1940–), P.J. Schoeman (1904–1988) en Mazisi Kunene (1930–2006), wat betekenisvolle tekste oor Shaka nagelaat het; asook aan Afrikaanse tekste oor Shaka wat tot dusver grootliks verwaarloos of geïgnoreer is. Die artikel bevind dat daar 'n noue band bestaan tussen geskiedenis en literatuur in verskeie vorme, wat bydra tot 'n “geronde” perspektief oor wie Shaka in die geheel gesien werklik was.

Trefwoorde: literêre genres; prysgedigte; Shaka; Suid-Afrikaanse literatuur; Zulugeskiedenis; Zulukonings

Abstract

The portrayal of King Shaka in South African literature (ca. 1781–1828)

An enormous amount has been written about the historical person of Shaka kaSenzangakhona (ca. 1781–1828). The publications concerned focus on numerous facets of the life and contribution of this famous and infamous Zulu monarch.

In this article a chronological overview is given of written and oral literature/sources in which Shaka, hailed as the founder of the Zulu nation, has been portrayed since the first half of the 19th century. For this purpose both a significant number of “main” historical and literary as well as “peripheral phenomena” are discussed. Historical and literary works are introduced as sources for the study of Shaka, although the emphasis is on literary texts and genres as primary sources (for the study of history) that have contributed to portraying Shaka as a complex and often contradictory historical figure in challenging and changing times who helped to shape the history of Southern Africa. As an enigmatic figure and world leader, Shaka lived in a pre-literate and pre-visual era, and many of the sources and views about him are vague, incorrect and/or distorted to serve various expectations. In view of the few reliable historical sources about Shaka, literary texts contribute to both a more and less nuanced view of him.

The Eurocentric and Western approach by academics and writers to “understand” Shaka may lead to “stealing” his history. To prevent this danger the article provides a detailed overview of Shaka’s life, how he has been portrayed in texts published in South Africa and abroad, the changing landscape/environment in which he lived, and a wide variety of texts and perspectives about him. As the founder of the Zulu nation’s legacy, Shaka lives in oral and written sources. Ironically, no reliable visual depiction of him has been made, contributing to the role texts have played in “painting” a picture of him. The history of the publication of texts about Shaka is also touched on, spanning from an era when journals and travelogues informed European readers and decision-makers about events in Africa, to the 21st century, when Shaka and his world have been increasingly portrayed and visualised. The article highlights the continuous and ongoing interest in Shaka, among others by historical researchers.

The earliest writings about Shaka came from the English hunters and merchants who settled in Port Natal (later Durban) from 1824 to trade with the rural people along the east coast and in the interior. Recent texts are in several literary genres, including novels, dramas, poems, a TV series and comic books. Historians also continue to publish new research about Shaka and the pre-colonial world he lived in. Other recollections about Shaka came from oral sources which were collected and published long after his death.

Historians must interpret with care these contributions, which have informed the way Shaka has been portrayed as a child born out of wedlock who grew up under difficult circumstances but nonetheless became the king and founder of the Zulu nation in 1817. This put him in a position to forge ahead with his trained warriors to conquer surrounding tribes and integrate them with the Zulu nation.

Nineteenth-century hunters and merchants visited Shaka from 1824 and established themselves with his permission in Port Natal. During this time Shaka decided to move his kraal from kwaBulawayo near Eshowe to kwaDukuza (formerly Stanger) where he would have more suitable grazing for his treasured Nguni cattle, as well as being closer to the English residents

in Port Natal, with whose assistance he would eventually try to establish diplomatic relations with King George IV (1762–1830) of England. However, Shaka's time was running out.

After Nandi kaBhebhe eLangeni (ca. 1760–1827), Shaka's mother, died under ambiguous circumstances on 10 October 1827 widespread mourning followed. It was Shaka's wish that all who supported him (and her) had to mourn and for a year abstain from working the fields and having intercourse. On 24 September 1828 Shaka's half-brothers Dingane ka Senzangakhona Zulu (ca. 1795–1840) and Mhlangana, also known as uMhlangana kaSenzangakhona (?–1828), and the offended servant Mbopha kaSithayi stabbed him to death, as they had become critical of the violence and brutality that he had sparked. Dingane then became the second king of the Zulu nation.

Literature about Shaka has been published since the second half of the 19th century. The English writer H. Rider Haggard (1856–1925) published, among others, the novel *Nada the Lily* (1892), which portrayed Shaka as a ruthless king with an unnatural personality and unnatural powers. Black writers such as Magma Fuze (1840–1922) depicted the downfall of the Zulu kings and their kingdom. John L. Dube's (1871–1946) novel *Jeje the body servant of King Shaka* (1951/1939) described Shaka's era, while Sol T. Plaatje (1876–1932) published *Mhudi* (1930), the first English novel by a black South African writer, which elucidated the (pre-)colonial (Zulu) history. Of special importance is the first major novel written in an indigenous language, Sesotho, namely Thomas Mofolo's (1876–1948) *Chaka* (1926), which influenced a number of writers in Southern and West Africa.

Popular works about Shaka were those of E.A. Ritter (1890–1969), *Shaka Zulu* (1955), and Donald R. Morris (1924–2002), *The washing of the spears: A history of the rise of the Zulu nation under Shaka and its fall in the Zulu War of 1879* (1966). These books had a wide readership and were instrumental in shaping the perceptions about Shaka. The popular TV series *Shaka Zulu* (1986) was based mainly on Ritter's work.

This article pays special attention to the work of 20th-century writers such as D.J. Opperman (1914–1985), P.P.R. van Coller (1926–1958), Stephen Gray (1941–2020), Pieter Fourie (1940–), P.J. Schoeman (1904–1988) and Mazisi Kunene (1930–2006), all of whom wrote extensively about Shaka in significant texts addressing different sides and perceptions of his life. It further focuses on Afrikaans texts that have been largely neglected or ignored in other research about the portrayal of Shaka in literature. The article argues that there is a close link between history and various forms of literature, which contributes to a “rounded” perspective vis-à-vis who Shaka really was.

Keywords: literary genres; praise poems; Shaka; South African literature; Zulu history; Zulu kings

1. Inleiding

[T]o approach the controversial subject of Shaka is to venture into a tangled and dangerous forest with mantraps set across the twisting paths. (Laband 2017:x)

Shaka kaSenzangakhona¹ (ca. 1781–1828) was die grondlegger van die Zulukoninkryk en beklee ’n sentrale plek in die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die era voor kolonialisme ’n dominante rol begin speel het. Hamilton (1998:3, 9) bevind dat Shaka lank ná sy dood nog wyd as “the basis for uniting the people of KwaZulu-Natal” erken en gebruik word, terwyl die voormalige Inkatha Vryheidspartyeier Mangosuthu G. Buthelezi (1928–) “constantly invoked the image of Shaka and of Shakan times to explain the present”.

Shaka is reeds sedert die 19de eeu die onderwerp van voorstellings deur skrywers, kunstenaars, filmmakers, historici en politici. Mettertyd het ’n veelvoud van narratiewe en visuele beelde van hom tot stand gekom, wat hom byna in al die gevalle net by benadering kenbaar maak. Wylie (2006:2) is van mening dat min met sekerheid oor Shaka bekend is, en hy bly “a ‘myth of iron’: a myth of iron aggression, of a Zulu ‘mailed fist’, and a myth apparently as durable as iron itself”, wat tot ’n magdom perspektiewe bygedra het.

Die uitbeelding van Shaka berus op tydgenootlike bronne deur jagter-handelaars en avonturiers wat persoonlik met hom kennis gemaak het, asook op publikasies wat later verskyn het. Benewens publikasies in hoofsaaklik Engels is daar die mondelinge oorleweringe in die vorm van prysgedigte en legendes oor Shaka (kyk Cope 1968; Malaba 1986). Van die oorleweringe is opgeteken, hoewel nie een direk afkomstig is van iemand wat Shaka persoonlik geken het nie. Die beskikbare bronne oor sy geskiedenis en hoe hy voorgestel word, moet gevolglik met omsigtigheid hanteer word. Des te meer geld dit wanneer Shaka se antibiograaf/biograaf² Dan Wylie (2006:1) soos volg skryf:

We know very little for certain about Shaka. [...] [W]e do not know when he was born. We do not know what he looked like. And we do not know precisely when or why he was assassinated. In Shaka’s case, even these basic facts of any person’s biography remain locked in obscurity. So it’s exceptionally difficult to say anything definite about how he conducted his wars, what he thought about at night, or what his sexual life was like. It’s equally difficult to make out and summarise his character, his political philosophy, or his personal ambitions.

Negentiende- en vroeë 20ste-eeuse skrywers van reis- en sendelingliteratuur het sienings van Shaka geyk wat in talle latere publikasies nagevolg is. Shaka gryp as historiese figuur en legende nog die verbeelding van die breë publiek aan, soos blyk uit die populêre, maar volgens Wylie (2006:2) “deeply misleading”, tien uur lange TV-reeks *Shaka Zulu* (1986) van die regisseur William C. Faure (1949–1994), waarin die akteur Henry Cele die Zulukoning en die tyd waarin hy geleef het, in nege episodes vertolk het. Wylie (1995a:96) wys daarop dat in die kostuums en “paleise” absurd oordryf is “precisely to cater, not for the Zulu reality, but for the potential viewers’ Eurocentric preconceptions”.³ Shaka leef ook voort in plekname soos Shakaskraal, Shaka’s Rock, Shakastad en Shakaville (kyk Raper, Möller en Du Plessis 2014:457–8); asook die name van die Shakaland Zulu Cultural Village, King Shaka International Airport (Koopman en Jenkins 2010), uShaka Sea World en baie ander. Daar is verder die voorstelling van Shaka in die literatuur wat oor ’n tydperk van meer as ’n eeu en ’n half in verskillende tale gepubliseer is en meermale sterk politieke ondertone het (Burness

1976). In die Afrikaanse literatuur het Shaka en sy era aandag gekry, soos uit die tekste blyk waarna in hierdie artikel verwys word. Shaka het helaas nie in dieselfde mate aandag gekry as byvoorbeeld die Groot Trek van 1835 tot 1838 waarby die voorsate van baie Afrikaanssprekendes betrokke was nie. Daar bestaan trouens geen getroue visuele voorstelling van Shaka en die gebeure tydens sy leeftyd nie, in skrilte teenstelling met die Anglo-Zulu-oorlog van 1879, waarvoor wyd in die Britse media berig is (kyk Laband en Thompson 2001) en die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902 waarvoor talle foto's bestaan (kyk Meintjes 1976).

In hierdie artikel word Shaka se lewe oorsigtelik in oënskoue geneem, inligting verskaf oor die wyse waarop hy in die geskiedenis aandag gekry het, 'n een en ander gesê oor die noue band wat bestaan het tussen die Zulu's en die omgewing waar hulle geleef het, en spesifieke aandag gegee aan 'n aantal literêre tekste waarin hy prominent figureer of kortliks ter sprake kom. Die doel van die bespreking van die literatuur is nie om alles te betrek wat oor Shaka geskryf is nie, omdat dit in 'n betreklik kort bydrae bykans onmoontlik is en die leesbaarheid van die teks kan benadeel. Daar word dus op sowel historiese as literêre hoofmomente asook betekenisvolle randverskynsels gekonsentreer.

2. Lewensverloop



Figuur 1. Die voorstelling van Shaka in Nathaniel Isaacs se *Travels and adventures in Eastern Africa* (1836)

Shaka is volgens Wylie (2006:101–2; 2011:45–6) in ca. 1781 naby die huidige Melmoth in KwaZulu-Natal gebore. Sy geboorte is in omstredenheid gehul, aangesien sy vader, Senzangakhona kaJama (ca. 1757–1816), en moeder, Nandi kaBhebhe eLangeni (ca. 1760–1827), nie volgens Zulugebruike getroud was nie (kyk Shamase 2014). Senzangakhona was ’n hoofman van die Mthethwastam, wat deur Dingiswayo (1780–1817) geregeer is. Nandi (“Soet”/“Vreugde”), daarenteen, was die dogter van ’n Langenihoofman. Shaka se hegte en komplekse verhouding met sy moeder het groot implikasies gehad en sy neem ’n sentrale plek in sy lewensverhaal in. Ons loop die verhaal vooruit, maar Shaka se verhouding met sy moeder, ander sterk vrouefigure, vroue as minnaresse, moeders van sy kinders en verowerdes/weduwees van verslane stamme was verwickeld.

Oor Shaka se kinderjare is min bekend. Die bestaande inligting dui daarop dat hy verwerping ervaar toe het hy in ca. 1794 by sy vader en toe by sy moeder se mense tyd deurgebring het. Vanaf ca. 1802 was hy by die Mthethwastam, wat onder die leiding van Dingiswayo gestaan het. As jong man was Shaka deel van ’n gevegseenheid (*ibutho lempi*) onder Dingiswayo se bevel. As militêre strateeg het hy met buitengewone organisatoriese eienskappe groot eise aan die fisieke vermoëns en dissipline van sy leër gestel, die gebruik van ’n kort, breëlem-steekassegai (*iklwa*) ingebring en sy kaalvoet vegters hulle teenstanders met vernuftige gevegstechnieke vinnig en op ’n kort afstand laat takel (kyk Knight 1995:31–5; Wylie 2006:214–9). Ná die dood van Senzangakhona in ca. 1816 het Shaka spoedig sy halfbroer en opvolger, Sigujana kaSenzangakhona (?–1816), van die toneel laat verdwyn deur “tapping Sigujana on the head with the fatal assegai” (Wylie 2006:147). Gedurende Shaka se era het stamme soos die Mthethwa suid van die Swart en die Wit Mfolozi, die Ndwandwe suid van die Mkuzerivier in die noordooste en die Qwabe suid van die Mhlatuzerivier kleiner stamme verower en ingelyf (kyk Carton, Laband en Sithole (reds.) 2009:iii). Met die hulp van Dingiswayo, wat in ca. 1818 gesterf het, het Shaka onder meer die hoofmanskappe van die Buthelezi en die Langeni (“Mense van die Sonskyn”) deel van die Zulugebied en -invloedsfeer gemaak.

Shaka se mag is veral versterk toe sy vegters die Ndwandwe in die noorde afgeweer het. Met ’n aanval op die Qwabe en finale verowering van die Mthethwa en Ndwandwe vestig Shaka sy gesag. Met die gevegstrategieë en leër wat Shaka ontwikkel het, slaag hy daarin om tussen 1818 en 1824 al die Zulustamme te verenig. Die Mfecane, ’n gedwonge migrasie wat Suider-Afrika tussen 1750 en 1835 in groot onrus gedompel het, word wyd aan Shaka se heerskappy en terreur toegeskryf (kyk De Vries 2004 in verband met terreur), maar is deel van ’n kritiese debat wat sterk standpunt teen dié siening inneem.⁴

In 1824 het Shaka in kwaBulawayo (“Plek van slagting”) ’n aanslag op sy lewe oorleef wat deur óf ’n lid van die Qwabe- of Ndwandwestam óf, waarskynliker, iemand met ’n opdrag uit sy familiekring of vertrouelingsfeer uitgevoer is (kyk Laband 1995:29; Laband 2017:18; Wylie 2006: 310–4). Shaka se besluit om nie teen sy halfbroers Dingane kaSenzangakhona Zulu (ca. 1795–1840) en Mhlangana (ook bekend as Umhlangana kaSenzangakhona (?–1828)), wat by die sameswering betrokke was, op te tree nie, sou vier jaar later tragiese gevolge vir hom hê – “[t]his mysterious omission would prove to be his downfall” (Wylie 2011:116). Hy het andersins sy lewe lank probeer om so ’n bedreiging te voorkom deur geen aanspraakmaker op sy posisie te erken of selfs toe te laat om te bly lewe nie, al was dit sy eie bloed. Dit het tot groot konflik met sy moeder aanleiding gegee en hulle verhouding gekompliseer.

Vanaf 1824 het Shaka kontak gehad met die Engelse wat hulle in Port Natal (later Durban) gevestig het, wat tot inisiatiewe gelei het om diplomatieke betrekkinge met die Britse Ryk aan te knoop (kyk Anoniem 1977:675; Wylie 2006:308–21). In daardie stadium het sy grondgebied van die kusgebied van die Phongolorivier in die noorde tot anderkant die Thukelarivier gestrek. Vir Shaka moes bande met die handelaars wat oor die see gekom het, militêre waarde gehad het, hoewel hy ongetwyfeld deur hulle handelsware beïndruk is. Die wit teenwoordigheid sou ’n “European material culture [...], accompanied by Christianity and the capitalist ethos” (Laband 1995:31) meebring, waarvan Shaka teen die einde van sy lewe deeglik bewus was. Die handelaars, sendelinge, amptenare en setlaars sou mettertyd groot veranderinge in die gebied meebring, wat tot groei en – dekades lank – hewige konflik en die ondergang van die Zulukoninkryk in 1879 sou bydra.

In 1825/1826 het Shaka sy setel van kwaBulawayo aan die Nkumbanerivier naby Eshowe in die Qwabehinterland en Zuluhartland, waar hy sedert 1820 gevestig was, na kwaDukuza (“Plek van die laaste persoon”) (vroeër Stanger) tussen die Nonoti- en die Mvotirivier verskuif. Hierdie vesting het uit duisende hutte bestaan wat in ’n sirkel gebou is en het Shaka toegang tot gunstige weiding en landbougrond suid van die Thukelarivier gebied. Hy sou voortaan in dié strategiese vesting nader aan die klein Engelse nedersetting in Port Natal wees en gereeld na die beweging van die golwe langs die kus gaan kyk.

Nandi, Shaka se moeder, het op 10 Oktober 1827 op eMkhindini naby kwaBulawayo óf aan disenterie óf moontlik aan die hand van Shaka gesterf – laasgenoemde aangesien sy na bewering ’n babaseun van hom sou laat bly lewe en in haar hut versteek het (Wylie 2006:411–7; Laband 2017:90–3). Die jaar lange gedwonge rou tydperk het tot die dood van duisende mense en selfs beeste gelei. Daar was in dié onstuimige tyd selfs ’n verbod op die bewerking van die grond en geslagsgemeenskap, terwyl Shaka sy vegters uitgestuur het om omringende stamme te verplig om oor haar te rou. Sy groot tante Mnkabayi (ca. 1760 – ca. 1840), wat vroeër twee keer as regent opgetree het, het Nandi se plek ingeneem as “the Queen Mother and was known as the Great She-Elephant, or *iNdlovukazi*” (Laband 2017:133) en was oortuig dat Shaka vir Nandi se dood verantwoordelik was. Weerstand teen Shaka se heerskappy het toegeneem en daar is saamgesweer om hom om die lewe te bring.

Op 24 September 1828⁵ is Shaka in iNyakamubhi (“Die slegte jaar”), ’n klein beeskraal naby kwaDukuza, deur sy lyfwag en vertroueling, Mbopha kaSithayi, en die magsugtige Dingane en Mhlangana (Shaka se halfbroers) met assegaai doodgesteek. Mbopha het ’n wrok teen Shaka gekoester as gevolg van dié se beweerde betrokkenheid by sy moeder se dood, terwyl Dingane en Mhlangana self aspirasies vir die koningskap gehad het en gebelgd was oor die wreedhede wat hulle in die voorafgaande jare aanskou het (Becker 1966:42–8; Laband 1995:xiii–xv). Ten opsigte van die talle beweerde wreedhede wat aan Shaka toegedig word, bevind Wylie (2011:102): “Very few incidents of outright cruelty were unambiguously or verifiably witnessed within Shaka’s lifetime.”

’n Gedenkteken ter nagedagtenis van Shaka, “die stigter, koning en heerser van die Zoeloe nasie [sic]” is in 1932 deur “sy afstammeling en opvolger Solomon ka Dinuzulu⁶ en die Zoeloe nasie [sic]” opgerig op of naby die plek waar hy gesterf het. Shaka is voor hy begrawe is, in die vel van ’n swart os toegedraai en in ’n sittende posisie in ’n koringput te ruste gelê. Dit was toe nog die gebruik om net ’n koning te begrawe, terwyl gewone mense se liggeme in die bos agtergelaat is (kyk Poland, Hammond-Tooke en Voigt 2003:33).⁷



Figuur 2. Die skrywer by die gedenkteken ter nagedagtenis van Shaka in kwaDukuza. In die voorgrond is die klip waarop Shaka na bewering gesit het toe hy vermoor is. (Foto: A. Steynberg)

Oor Shaka se fisieke voorkoms bestaan geen duidelikheid nie, aangesien dié wat hom gesien en daaroor vertel het, hom verskillend voorgestel het. Edgecombe (1986:114) se byskrif by ’n afdruk van James Saunders King (1795–1828) se bekende skets lui soos volg:

Shaka, koning van die Zulu, omstreeks 1825, na ’n skets deur die handelaar James King. In sommige opsigte is die afbeelding onakkuraat. Die assegaai behoort bv. ’n kort steekassegaai te wees, en die skild en pluim op die koning se kop is albei te lank. Die illustrasie gee egter wel ’n beeld van Shaka se lengte en statige houding, wat almal geïmponeer het wat in die koning se teenwoordigheid verkeer het.

Wylie (2011:12) beskou King se skets van Shaka in *Travels and adventures in Eastern Africa* (1836) as “a mere collage of Eurocentric conventions and inventions” en bevraagteken die betroubaarheid daarvan. Shaka het self aanvaar dat hy nie aantreklik was nie (Laband 2017:64), terwyl hy selfs oor die grootte van sy geslagsdele gespot is. Laband (1995:22) se algemene tipering van Shaka se fisieke voorkoms lui soos volg:

Shaka's appearance, like his character, remains something of a mystery. There seems general agreement, though, that Shaka's was a good, strong, muscular body, and that as a man of war he never allowed it to run to fat. His buttocks were small and well shaped, of the sort that are drawn in. He was of medium height, and his skin was a handsome dark brown, being neither yellow nor black. Like his father, he had never been circumcised.

3. Historiese voorstelling

Oor die jare heen is baie oor Shaka geskryf, wat getuig van die wyse waarop historiese prosesse gehelp het om 'n beeld of beelde van hom te skep en hom tot 'n onmiskenbare historiese simbool te verhef. Navorsers oor Shaka word gekonfronteer met wat Hamilton (1998:4) noem "the crisis over sources that confronts historians of precolonial times". Laband (2017:xiii) wys byvoorbeeld op "the dubious, highly coloured and self-serving accounts of white trader-hunters who actually encountered Shaka", terwyl Wylie (2011:13) al die vroeë geskrewe bronne herwaardeer en bevind dat "[e]ven professional historians recycled anecdotes which today seem absurd".

Aan die einde van die 18de en begin van die 19de eeu het konflik in die ooste van die land tot die ontstaan van die Zulukoninkryk gelei, wat toegeskryf kan word aan die "more aggressive chiefdoms of the region to acquire wealth and power through the capture of cattle and land, and to incorporate adherents at the expense of their rivals" (Laband 1995:10). Aan die begin van die 19de eeu (1800 tot 1803) was daar ook groot droogtes en die Madlathule-hongersnood, wat die konflik oor weiding vir beeste en grond vir bewerking geïntensiveer en mense baie kwesbaar gemaak het. Die gevolge van die konflik tussen die stamme was duidelik, en vanaf die begin van die 19de eeu het menslike oorblyfsels wyd besaai gelê (Laband 1995:14–5; kyk Taylor 1995).

In 1825 het die jagter-handelaars en avonturiers James Saunders King en Henry Francis Fynn (1803–1861) Shaka gaan besoek. Uit die vroeë kontak met Shaka deur Westerlinge het die verslae van reisigers en handelaars ontstaan, wat eerstehandse weergawes oor hom nagelaat en die "buitewêreld" van hom laat kennis neem het. Die publikasies is almal heelwat later gepubliseer en het sterk invloed op die werk van 'n galery sendelinge, soos Francis Owen, William C. Holden, Lewis Grout, J.L. Döhne, Joseph Shooter en John William Colenso, uitgeoefen. *The Diary of Henry Francis Fynn* (Fynn 1950) bied inligting wat Fynn as ooggetuie oor Shaka nagelaat het. Nathaniel Isaacs (1808–1872), wat in 1824 as 17-jarige in Port Natal aangekom het, se tweedelige *Travels and adventures in Eastern Africa* (1970 [1836]) in die vorm van 'n roman word deur Wylie (2006:7) beskou as "full of gaps, contradictions, and implausibilities". Hy (2006:8) bevind "it was Nathaniel Isaacs's image of Shaka as a terrifying, pathological brute that dominated the literature for a century and more." Isaacs beeld Shaka as niks minder nie as 'n bloeddorstige monster uit. Die tiener Charles Rawden Maclean (ook bekend as John Ross) (1815–1880), wat heelwat tyd in Shaka se geselskap deurgebring het, se werk is eers in die 1950's gepubliseer. Ander geskryfde deur 19de-eeuse avonturiers is die briewe van James Farewell, James Saunders King en John Cane.

Die reisbeskrywings van luitenant James Farewell en James Saunders King, asook Nathaniel Isaacs, Henry Fynn en Charles Rawden Maclean, het vir die Engelssprekende leserspubliek 'n

venster op Shaka en sy era oopgemaak.⁸ Ander geskrifte oor Shaka is dié van skrywers wat op sekondêre bronne, waaronder baie mondelinge oorleweringe, gesteun het. Die Katolieke sendeling en amateurantropoloog A.T. Bryant, wat die *Zulu-English dictionary* (1905) en *Olden times in Zululand and Natal* (1929) nagelaat het, was baie jare lank besonder invloedryk. Bryant beskryf die opkoms van Shaka gedurende Dingiswayo se era en hoe sy invloed uitgebrei het. Wylie (2006:9) se bevinding is: “To a large and surprising extent [...] Bryant is either plain wrong or can be ignored.”

Tot die korpus opgetekende mondelinge oorleweringe oor Shaka en die Zulugeskiedenis en -kultuur het die koloniale amptenaar, landdros en Zululinguis James Stuart (1867–1942) baie bygedra met die verslae van byna 200 informante met wie hy tussen 1897 en 1924 onderhoude gevoer het. Sy versameling word in die Killie Campbell Africana Library in Durban bewaar. Hamilton (1998:164) beskou Stuart se bydrae “as the single richest source of evidence concerning the precolonial history of southern Africa”. Stuart se werk is opgeneem in *The James Stuart archive*, waarvan ses dele onder redaksie van Colin de B. Webb en John B. Wright in onderskeidelik 1976, 1979, 1982, 1986, 2001 en 2014 gepubliseer is (kyk Hamilton 1998:130–67 en Wylie 2006:5–7 in verband met Stuart se seminale bydrae).

Die beeld van Shaka in die literatuur is bevestig deur die sogenaamde *izibongo* of Zulu-prysgedigte oor Shaka soos dié wat deur Cope (1968) versamel is en oor geslagte heen oorgedra is. Die *isibongo* (prysgedig) is volgens Malaba (1986:3) “one of the finest elements in Zulu oral culture. The term stems from the verb *ukubonga*, which can mean either ‘to thank’ or ‘to praise’, depending on its context.” Die prysgedigte oor Shaka wat gedurende die 19de eeu ontstaan het, vertoon volgens hom (1986:4) duidelike kenmerke:

The salient feature of these praise-poems is the portrayal of the singularity of the hero – in this case, Shaka. The dominant impression that emerges from reading these poems is the forcefulness of the man, which is revealed through the persistent use of the images of fire, thunder and lightning; together with elemental imagery – fords, rocky outcrops, and rushing wind; and his predatory nature, which is reflected in the image of the hawk and the lion.

Skrywers soos Thomas Mofolo en Mazisi Kunene het later by hierdie tradisie aangesluit en daarop voortgeborduur deur in hulle werk van prysgedigte gebruik te maak. Wylie (2006:9) betwyfel of daar nog enige lewendes is met wie vandag onderhoude oor Shaka gevoer kan word om meer inligting oor hom te bekom.

Gedurende die 1980’s en 1990’s was daar, soos Hamilton (1998:19) aandui, in historiese navorsing ’n beweging in die rigting van “an examination of the ideological bases of the early states and a new concern with methodology”. Insigte in die literatuurwetenskap het baie tot hierdie wending bygedra en historici van nuwe benaderings voorsien om met bronne uit die verlede om te gaan.

Benewens die werk van A.T. Bryant het enkele ander boeke gehelp om Shaka bekend te stel en verskillende generasies lesers se verbeelding aan te gryp. Een van die invloedrykstes was E.A. Ritter (1890–1969) se lewensroman *Shaka Zulu* (1955), wat op mondelinge oorleweringe gebaseer is, maar wat volgens Wylie (2011:9) “widely, but misguidedly, accepted as accurate history” is. Nog een is Donald R. Morris (1924–2002) se *The washing of the spears: A history of the rise of the Zulu nation under Shaka and its fall in the Zulu War of 1879* (1966), wat Wylie

(2011:52) ’n “famous (and profoundly misleading) book” noem. Al hierdie boeke het ’n wye nasionale en selfs internasionale leserspubliek bereik en baie tot die popularisering van Shaka bygedra.

Die eerste wetenskaplike antibiografie oor Shaka is Dan Wylie (1959–) se *Myth of iron: Shaka in history* (2006), waarin hy revisionisties en krities met die bestaande argivale bronne oor Shaka omgaan en met ’n magdom nuwe perspektiewe vorendag kom. Wylie gaan krities om met die geloofwaardigheid van Nathaniel Isaacs, Henry Francis Fynn, James Sanders King, Francis Farewell en James Canae en toon aan hoe die beeld van Shaka deur ’n verskeidenheid tekste en genreverme geskep is.

In Marais (2010) wys ek op die vier benaderings wat deur historici in die bestudering van Shaka gevolg word, naamlik die sendelingbenadering, die Afrika-nasionalistiese, die neo-Freudiaanse en die moderne historiese benadering:

In die sendelingliteratuur word in fyn besonderhede oor Shaka geskryf, dikwels deur die ondersteuning van die sendingtaak gekleur. [...] In die neo-Freudiaanse benadering word daar veral aandag aan seksuele determinante en die moontlike invloed van jeugervarings op sy latere optrede gegee. In die Afrika-nasionalistiese benadering word Shaka op so ’n wyse voorgestel dat hy ter sake is in die hedendaagse soeke na die wortels van ’n nasionalistiese Afrika-identiteit en -trots.

Uiteraard verskil die voorstelling van die historikus van dié van die skeppende skrywer. Soos John Laband (1995:xi) dit in *Rope of sand: The rise and fall of the Zulu kingdom in the nineteenth century* stel:

It is the historian’s demanding task to understand cultures and periods different from his own through the techniques of empathy and intuition, in which an effort of the imagination must be made to relinquish present-day values in order to apprehend previous ages on their own terms. Such an enquiry turns on the interpretation of the evidence which the historian converts into a coherent, casual narrative which differs from the novelist’s creation in that it tries as faithfully as it can to be a reconstruction of real events.

Wylie (2006:4) verklaar: “History, in the end, is a creative literary medium. It tries to say something verifiable about the past, but the past is ultimately a construction of language; it’s something imagined.” Daar is ’n noue band tussen geskrewe geskiedenis en literatuur, wat baie duidelik word wanneer die oorgelewerde én nuwe tekste oor Shaka beskou word. Al hierdie tekste staan in noue verband met die geskiedenis en die wyse waarop met die geskiedenis omgegaan word. Hamilton (1998:20) skryf juis dat die verband tussen “the literary treatments and the historiography have [...] been little investigated”. Wanneer gesprek oor Shaka gevoer word, moet dus rekening met die geskiedenis gehou word.

4. Landskap en verandering

Laband (1995:3) wys op die onmiddellike band wat bestaan het tussen die Zulu’s en die grond(gebied) waarop hulle hul beste aangehou en wat hulle vir bewerking gebruik het. Die

fisiese wêreld waarin Shaka en sy tydgenote gelewe het, verskil van dié van die hede en het groot transformasie ondergaan. Dit blyk byvoorbeeld wanneer 'n mens vandag die monument/graf in die woelige dorp kwaDukuza besoek, wat volgens oorlewering (naby) die plek is waar Shaka begrawe lê, of wanneer 'n mens die graf van Nandi, sy moeder, naby Eshowe besoek. Dié gebied was dig bewoon en Nandi is in haar hut en/of onder 'n blinkblaar-wag-'n-bietjie ter ruste gelê. Vandag is dit 'n landelike gebied waar die savanneplantegroei ryklik gevestig is.



Figuur 3. Nandi se graf by Matheko naby Eshowe (Foto: A. Steynberg)

Die hartland van Zululand⁹ word gevorm deur twee riviere: die Thukelarivier, wat in die Drakensberge ontstaan en aan die suidekant in die Indiese Oseaan vloei en die Phongolorivier aan die noordekant. In die prekoloniale tyd was daar volop olifante, seekoeie, buffels en ander wild. Alhoewel daar in Shaka se tyd gejag is vir velle en ander diereprodukte, en vir vere van voëls soos bloukraanvoëls, het die Zulu's 'n afkeer van wildsvleis gehad. Die dominante suurveld is hoofsaaklik deur beeste en bokke benut, wat in die beeskraal (*isibaya*) in die middel van elke huishouding (*imizi*) gevestig was (Laband 1995:4–5 en 8; Poland e.a. 2003:14). Die Zulu's, wat in klein groepies verspreid deur die gebied gewoon het, het ook Indiese mielies (met gekleurde pitte, bot. *Zea mays*), sorghum, manna en pampoene geplant in landerye wat hoofsaaklik deur die vroue bewerk is. Hulle dieet het uit hierdie gewasse, selde aangevul met wildsvleis, bestaan. In dié hoogs patriargale samelewing is alle fasette van die beesboerdery aan die mans oorgelaat.

Kenmerkende omgewingsfaktore het tot die uiteenlopende karakter en verandering van die Zululandse landskap bygedra. Die provinsie vorm “geen floristiese eenheid nie, maar is [...]

eerder saamgestel uit stukke en brokke uit baie ander gebiede”, aldus Noel (1977:10). Alhoewel, soos Van Dyk (1977:12) dit stel, “die fauna besonder ryk [is,] sluit dit buitengewoon en interessante diere in”. Volgens Van Dyk (1977:14) het, soos in die res van Afrika, twee diergenera ’n groot rol gespeel. Dit is die tsetsevliespesies en parasietespesies (*Trypanosoma*) “wat op hul beurt deur die tsetsevlieë aan mense of vee en wild oorgedra kan word. [...] Waar die tsetsevlies in Afrika nie geheers het nie, is daar die eeue heen die bome uitgekap, wild uitgeroei en die grond onherstelbaar deur vee uitgetrap.” Terselfdertyd het veldbrande daartoe bygedra om die landskap te verander en die veld in vroeër boomryke gebiede te laat floreer (Guy 1980:104–5). Hierdie verandering in die landskap het reeds aan die begin van Shaka se era bestaan en tot die sosio-ekonomiese en intense magswoelinge en mededinging van die tyd bygedra (Edgecombe 1986:118).

As deel van die gebruike tydens Shaka se tyd is daar dikwels wreed teenoor diere, en in die besonder beeste, waaraan daar soveel waarde geheg is, opgetree. Wanneer ’n dier geoffer is, is ’n bees in die nek gesteek en “exhorted [...] to bellow, to cry to the shades as it died to signify their approval” (Laband 1995:26). Nog ’n voorbeeld hiervan is die beskrywing van hoe kalwers “were slashed open on the right side for the gall bladder to be ripped out of the living beast, which was left to die in agony, its cries summoning the royal *amadlozi*” (Laband 2017:108; kyk ook Strydom 1977:99).

Materiaal uit die omgewing het ’n essensiële deel van die Zulu’s se bestaan uitgemaak. Dit sluit in die latte, toue, stutpale, grasbedekking en beesmis vir die vloere waarmee die byekorf-hutte in ’n kring gebou is. Die sirkelvormige beeskraal in die middel van ’n digte woongebied het ’n paalheining gehad waaronder daar ’n diep uitgepleisterde graanput was (Strydom 1977:7). Materiaal vir assegaai, skildvelle, klere en ander gebruiksvoorwerpe het ook byna sonder uitsondering uit die omgewing gekom.

Die ligging van Zululand aan die Indiese Oseaan het sedert die 16de eeu handel in ivoor, materiaal, koperringe en krale met Islamitiese en Europese handelaars moontlik gemaak (Laband 1995:13) en in Shaka se tyd die aandag van Engelse handelaars en avonturiers uit die Kaapkolonie getrek. Shaka self was, veral ná hy na kwaDukuza verskuif het, lief daarvoor om te gaan kyk hoe die branders na die kus toe aangerol kom (Laband 1995:22).

In die literatuur oor Shaka word die natuurlike omgewing waarin hy gelewe het, in die beeldspraak en inkleding van die tekste benut en as ’n herkenbare werklikheid aangebied.

5. Literêre tekste

Shaka het talle skrywers in verskillende tale in Suid-Afrika en die buiteland geïnspireer en literêre werke oor hom is legio. Monumentale Suid-Afrikaanse publikasies wat put uit Shaka se ryk, legendariese en selfs berugte nalatenskap het die lig gesien. In ’n beskouing van hierdie werk is, soos Wylie (1995a:71) dit stel, “style, or rhetoric, [...] a seamlessly integral part of any portrayal of ‘Shaka’, and [...] any assessment of our primary or secondary sources depends in large part on an assessment of the heritage, resources and implications of their rhetorical choices”. Vir ’n bespreking van die literêre tekste oor Shaka in verskillende genres is ook die volgende uitspraak van Wylie (1995a:71–2) ter sake:

“Shaka” is in every sense a “verbal construct”. His “history” consists very largely of legends, or anecdotes, or lies, or inventions, rather than what we conventionally think of as “historical evidence” (i.e. statements which we can unproblematically assume to have a direct representational relationship with “what happened”). His portrayal is conditioned by a plethora of Eurocentric prejudice, inherited concepts and narrative conventions; his is a “literate” mythology, whose selection of words (and by extension, selection of allusion, metaphor, sentence structure, tense, narrative strategy, even genre) has so far hardly been examined.

Volgens Kunene (1979:xxv) het die heroïese epiek, oftewel “the language-form changing in the process to express dramatic national events”, sedert Shaka se tyd tot volle uitdrukking gekom. Kunene (1979:xxv–xxvi) skryf:

Nursery rhymes, satires and songs were all exploited for the social purpose of mobilizing the nation. The poet and the singer became central figures in Zulu society. They defined social values, celebrating what was historically significant and acting as democratic agents to reaffirm the approval or disapproval of the whole nation. It was through the poet and the singer that the criticism and evaluation of the heroes and rulers was fully and freely expressed.

’n Voorbeeld hiervan is een van die prysgedigte oor Shaka deur Chakijana, seun van Msenteli, wat deur Chris Swanepoel (2017:145) uit Sesotho vertaal en in sy nuwe vertaling van Mofolo se roman opgeneem is:

UShaka, ek vrees om hom Shaka te noem,
Shaka was die koning van die Mashobeni,
Die pret van die vroue van Nomgabi,
Wat hulle vermaak het in die koestering van die son.
Hulle’t gesê Shaka sal nooit regeer nie.
Hy sal nooit koning word nie,
Maar dieselfde jaar nog kon Shaka tevrede rus.

Die meeste van hierdie prysgedigte het gesteun op die historiese perspektiewe en oorlewinge oor Shaka, wat ’n blik op ’n – vir sommige skrywers – ongerepte wêreld gebied het wat deur die gebeure van Shaka se era beïnvloed is.

In die tweede helfte van die 19de eeu het die invloedryke Engelse skrywer H. Rider Haggard (1856–1925)¹⁰ met populêre romans soos *Cetywavo and his white neighbours, or remarks on recent events in Zululand, Natal and Transvaal* (1888/1882) en *Nada the Lily* (1892) uit die nalatenskap van Britse amptenare soos Theophilus Shepstone (1817–1893) en James Stuart geput om Shaka as ’n roekelose koning met ’n onnatuurlike persoonlikheid en magte uit te beeld.¹¹ Haggard (1892:ix) stel in die voorwoord tot *Nada the Lily* sy voorneme soos volg: “[A]n attempt has been made in these pages to set out the true character of this colossal genius and most evil man [Chaka] – a Napoleon and Tiberius in one, and also that of his brother and successor Dingane.”

Swart skrywers soos Magma Magwaza Fuze (ca. 1840–1922) se werk oor die Zulukonings en die ondergang van hulle ryk, John L. Dube (1871–1946) se Zuluroman *Insila kaShaka / Jeje the body servant of King Shaka* (1951/1930) wat afspeel ten tye van Shaka se era, en

Sol T. Plaatje (1876–1932) met *Mhudi* (1930), die eerste roman in Engels deur 'n swart skrywer, is aan die begin van die 20ste eeu gepubliseer en laat lig op die prekoloniale (Zulu)geskiedenis val. Thomas Mofolo (1876–1948) se *Chaka* (1926) is in Sesotho geskryf en was die eerste groot roman deur 'n skrywer in een van Suid-Afrika se inheemse tale. Mofolo is in Lesotho (vroeër Basutoland) as onderwyser opgelei en was lank by die Morija Sesuto Boekdepot in Maseru werksaam. Vir die navorsing het hy onder meer per fiets Zululand besoek om mondelinge inligting te versamel (Gray 1975:67). Die roman het die trekke van 'n historiese roman wat breedweg Shaka se lewensverhaal skets. Die publikasie van die roman is aanvanklik deur die sendelinge van die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap (PEMS) teengestaan weens die rol van die bonatuurlike in die werk en gebeure in Mofolo se persoonlike lewe (kyk Kunene 1989:146–7; Swanepoel 2017:4).

Mofolo (2017:19, 22) se roman handel “oor die mense van die ooste, die Bakone”, die “klein MaZulu-volk [wat] in daardie dae deur Senzangakhona geregeer” is, en begin met 'n byna idilliese beskrywing van die ruimte waarin die gebeure afgespeel het. Al het Shaka uit 'n omstrede verhouding voortgekom, het sy eintlike verwerping gekom nadat nog 'n kind, Mfokazana, vir Senzangakhona by sy tweede vrou gebore is. Kort daarna het Senzangakhona nog 'n seun, die latere koning Dingane, by een van die senior vroue verwek (28). Shaka is as gevolg van die gerugte oor sy geboorte en die konflik oor toekomstige leierskap deur die ander kinders verwerp. “Waarlik,” lees ons, “daar was geen kind wat ooit so swaar grootgeword het soos Chaka grootgeword het nie; 'n mens deur sy vader verwerp, is voorwaar 'n pynlike ding” (31).

Shaka se lotgevalle was buitengewoon en Mofolo (2017:124) “glo nie daar was ooit 'n mens van wie die lewensloop so raaiselagtig was as dié van Chaka nie”. Hy het sy koningstat Mgungundlovu (“Groot soos 'n olifant”) genoem (135). Hoewel hy nooit getrou het nie, het hy 'n groep meisies uit die volk gekies wat in hutte in 'n lang ry agter die koning s'n gebly het. “Maar hy het na die ryp vrug van ander mense se kinders gegaan en die saad van hulle jeug gepluk” (137–8).

Shaka het van vroeg af groot ambisies gehad, wat deur middel van tradisionele geestelikes en hulle handlangers bewerkstellig is. Vir hierdie perspektief maak Mofolo gebruik van fiktiewe karakters soos Isanusi, Ndlebe en Malungu. Shaka se eie keuses, wat onder meer tot “die begin van die *difaqane* en van die rondloperbendes” (164) gelei het, dra tot sy uiteindelijke tragiese ondergang by.

Volgens Mofolo het Shaka gevra waarom sy moeder, Nandi, wou gehad het dat hy kinders moet hê: “Toe bring hy sy moeder om die lewe op dieselfde manier as wat hy Noliwa se lewe geneem het” (179). Dié gebeure het tot talle daaropvolgende moorde gelei. Die wreedhede het die gemeenskap teen hom laat draai en was die voorspel tot sy moord:

Hierdie reuse-teregstelling, wat selfs die roofdiere naby die nedersettings laat vertoef het, het die MaZulu en ook die leërs ontstel, nou dat die spies die mense tuis verteer in plaas van die vyand. Die harte van die mense het volkome teen Chaka gedraai, en sy bevelvoerders was baie ontevrede; hy het homself as 'n vreemde wese getoon [...]. (181)

Mofolo se *Chaka* is in verskillende tale vertaal, soms meer as een keer. Die Engelse vertalings is deur sowel F.H. Dutton (1931) en Daniel P. Kunene (1981) gedoen. Chris Swanepoel (1974) het die roman keurig in Afrikaans vertaal en hy het jare later 'n volledig herbewerkte vertaling

van die werk aangepak “uit respek vir die bronteks, so getrou daaraan [...] as moontlik – in die woordbetekenis, sinstruktuur en paragraaf-indeling” (2017:9). Die roman is ook in Frans (1940), Duits (1954 en 1988), Italiaans (1959 en 1988) en Igbo vertaal.

Mofolo se roman het wyd tot die bekendheid van Shaka as historiese figuur bygedra, soos blyk uit minstens ’n sewetal dramatekste in Frans wat daardeur geïnspireer is (Spronk 1984:634) as “an important symbol of African initiative and achievement” (Hamilton 1998:21) en Swart Bewussyn. Die Franssprekende Senegalese president Léopold Sédar Senghor (1906–2001) se dramatiese gedig “Chaka” in sy digbundel *Ethiopiennes* (1958) handel oor Shaka as ’n held/simbool wat sy *négritude*-gedagte verpersoonlik het;¹² asook Seydou Badian Konyaté van Mali se *La Mord de Chaka, pièce en cinq tableaux* (1960), Abdou Anta Ka van Senegal se *Les Amazoulous* (1972), Condetto Nénékhaly-Camara se *Amazoulou* (1972) en Dijbril Tamsir Niane van Guinee se dramas van onderskeidelik 1970 en 1971. “Chaka fascinated the French-speaking African playwrights both from a historical as well as from an ideological point of view,” bevind Spronk (1984:634; kyk ook Blair 1974). Die Zambiese dramaturg F.M. Mulikita se *Shaka Zulu: A play* dateer uit 1965.

Ook in Suid-Afrika het die verhaal van Shaka dramatiese werk geïnspireer. Goro-X se drama *Shaka* (1940), wat die hoofkarakter onsimpatiek uitbeeld, is op Shakespeariaanse modelle gebaseer en die taalgebruik slaag ongelukkig nie daarin om Shaka se wêreld oortuigend voor te stel nie (Malaba 1986:345). Dié werk is egter vanuit ’n literêr-historiese oogpunt belangrik. (Die bespreking van Pieter Fourie se versdrama *Tsjaka* (1976) volg later in die artikel.)

Mofolo se roman vind weerklank in ’n aantal gedigte deur Suid-Afrikaanse digters. Roy Campbell (1901–1957) se lang en beeldryke simboliese gedig *The flaming terrapin* (1924), is ’n voorbeeld, al kom verwysings na die Klassieke mitologie ook daarin voor. F.T. Prince (1912–2003) se dramatiese monoloog “Chaka” in *Poems* (1938) het ’n sterk Simbolistiese lading en probeer om Shaka se donker psige te peil. Die gedig, met Shaka “essentially an anti-Christ”, wat nie homself nie maar ander mense offer (Malaba 1986:334 en 338), begin soos volg:

The air cool and soft,
The darkness early about this sorrow, I
Am alone awake, I am alone
To watch the trembling of so many tears
Above my hard and empty lands.

B.W. Vilakazi (1906–1947) se “UShaka KaSenzangakhona” en “The grave of Shaka” in *Zulu horizons* (1973) maak van sowel Zulu as Engelse poëtiese tegnieke gebruik. David John Darlow se werk in die algemeen, soos in die gedig “Tshaka” in *African heroes: Ntsikana, Tshaka, Kharma and Moshoeshoe* (1958/1940), toon ’n groeiende betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse landskap. Darlow lê sterk klem op die wreedhede en mislukte leierskap van die koning (Malaba 1986:347). Oswald Mbuyiseni Mtshali (1940–) se gedig “The birth of Shaka” in *Sounds of a cowhide drum* (1971) bied ’n heroïese beeld van Shaka, wat met die hulp van die gode en sy voorvaders die koms van kolonialisme kon voorsien:

His heart was shaped into an ox shield
to foil every foe.

Teenoor die vorige gedigte waarin spanning tussen Afrika en Europa prominent is, beperk D.J. Opperman (1914–1985) die verwysings en konkrete beelding in sy gedig tot die daaglikse leefwyse tydens Shaka se bestaan. “Shaka”¹³ in *Heilige beeste* (1945) is ’n lang, verhalende gedig waarin die digter hom ingeleef het in die prekoloniale geskiedenis, bestaan en leefwyse van die gemeenskap waarvan Shaka deel uitgemaak het. Oor die bronne wat Opperman by die skryf van die gedig gebruik het om so na as moontlik aan die historiese gegewe te bly, wy ek ’n artikel (Marais 2010). Opperman (1967) het byvoorbeeld in ’n brief aan die digter en akademikus H.W. Truter vertel dat hy die belangrikste inligting vir sy gedigte van drie Zulusprekers, asook van Thomas Mofolo se *Chaka*, A.T. Bryant se *Olden times in Zululand and Natal* en Nathaniel Isaacs se *Travels and adventures in Eastern Africa* gekry het.

In die vyf afdelings en 296 rymlose versreëls waaruit Opperman se klein epos bestaan, word Shaka se lewe oorsigtelik / in breë trekke van sy omstrede geboorte tot sy moord uitgebeeld. Die eerste deel, “Langeni”, handel oor Shaka se geboorte en hoe hy as kind verstoot is, aangesien Senzangakhona en Nandi mekaar volgens oorlewering “buite huwelik en wet” (57) geneem het.

Vir Nandi se swangerskap word ’n beeld uit die Zulu-verwysingswêreld gekies

[...] Die verlore pit
wat eenkant stoel, is sy, maar weeldrig
met wilde hartstog en sku onder blare
die klein kalbassie aan haar vasgerank. (57)

As kind het Shaka die smaad van ander kinders ervaar en die veld goed leer ken om so ’n noue band met die omgewing se fauna en flora te ontwikkel. Dit motiveer die gebruik van beeldspraak in die gedig, wat meermale die natuur as verwysing het. Shaka het ook vroeg reeds kragte met tydenote gemeet, byvoorbeeld “in kleingevegte baiemaal gewen” (58) en met sy talente, vuur, kerie en assegaai “oorwinning / oor elke man, oor elke opperhoof” (59) in die vooruitsig gestel. In die tweede afdeling, “Dingiswayo”, het Shaka na Dingiswayo, die hoof van die Mtetwa, gevlug, daar vrede en guns gevind, en gevegsvaardighede geleer. Sy leierskapsverwagtinge is gefnuik toe sy vader en die onderhoof van die Mtetwa, Senzangakhona, sy broer, Mfokazaan, as sy opvolger verkies het. Ná Senzangakhona en Mfokazaan se dood, laasgenoemde waarskynlik aan Shaka se hand, het Shaka met “’n eie impi / as hoof van die klein Zoeloe-stam beweeg” (62). In die derde afdeling, “Bulawayo”, het die digter ’n grootse greep op die wyse waarop Shaka “al wat week is in sy stam” (63) met assegaai uitgeroei en die Qungebeni, Butelezi en Mtetwa binne sy stam ingesluit het (64). Shaka het ook saam met sy leërs gaan jag:

[D]ie waterbok,
renoster, koedoe en die olifant,
die kortgepote seekoei uit die kuil,
waar troppe buffels proes en sebras
snork en poepend omspring langs die bos. (64)

Vanaf kwaBulawayo, Shaka se eerste hoofstat, het “die buffelkop van impi’s / die halwe maan van horings, voortgejaag / en alles in sy skep vernietig” (65), teenstanders verstrooi en groot troppe Ngunibeeste terugbring. Dit is ’n beskrywing van die Mfecane, wat in Shaka se tyd ’n hoogbloeï sou beleef het.

Die verowering het ook tot die vestiging van die Zuluvolk gelei:

En in somernagte swart soos nastergal,
dreun tussen berg en see die donderweer,
dreun tot die verte en verlig die strooise
van die Amazoeloe, die hemelvolk. (66)

Die vierde afdeling, “Unkulunkulu” (“Die groot een”), stel Shaka voor as die onrustige, ongenadige heerser “met ’n vrees vir die groot magte / wat om hom ledig lê” (67) en te midde van persoonlike en sosiale konflikte, agterdog en verval ’n taak het om teen ander stamme te veg:

[V]ir gees na gees tot by Unkulunkulu
wat die sterre en die riet geskape het
en uit die riet die mens; Sy taak voltooi,
eenkant gaan woon, geslote en alleen. (69)

In die slotafdeling, “Dukuza”, word Shaka se reaksie op sy moeder, Nandi, se dood beskryf; asook die kragte wat dit ontketen het deurdat sy leër uitgegaan het om dié in te breek wat oënskynlik nie oor haar dood getreur of kom treur het nie. Wrewel het by die leër teen Shaka gegroei omdat hy “geen menslikheid meer ken” (71). Sy halfbroers, Dingane en Mhlangana, het die geleentheid gesien om met sy lyfwag, Mbopha, saam te sweer om hom om die lewe te bring. Die geleentheid om hulle taak uit te voer het gekom nadat sy jagters met onbevredigende geskenke van diervelle en voëlvere vir versiering opgedaag het.

Ná sy dood was daar vir Shaka geen eer nie:

[D]ie lyk het deur die nag
nog so bly lê en is die oggend in
’n koringgat met klippe toegegooi. (72)

Krog (2010:16) wys daarop dat Opperman “Shaka in byna Van Wyk Louw-agtige taal, [...] as gekose enkeling beskryf wat sy skeppingsdaad-verantwoordelikheid moet voltooi al is dit hoe pynlik”. Opvallend is dat Opperman die fokus laat val op Shaka as figuur wat fisiek aantreklik en nie net heroïes was nie. Die inkleding van die verhaal van Shaka se lewe word visueel uitgebeeld deur die gegewe binne die kader van ’n historiese en geografiese herkenbare raamwerk te plaas. Opperman se inkleding berus grootliks op die wyse waarop hy die gegewe in sy gedig verryk met konkrete besonderhede uit Shaka se tyd en dit vir sy beelding benut. In breë trekke bly Opperman getrou aan die oorgelewerde inligting oor Shaka in die bronne wat hy gebruik het en probeer nie hierdie perspektiewe met vrye kreatiewe vlugte herskep nie. Volgens Wylie (1995a:75) is “[t]he comparison with uncontrollable animals and attendant passions [...] the common stuff of racism everywhere”, waaraan Opperman in sy gebruik van die metafore in “Shaka” egter ontkom.

Nog ’n lang gedig oor Shaka verskyn in Cecil Skotnes (1926–2009) en Stephen Gray (1941–2020) se *The assassination of Shaka* (1974). Die meegaande “Notes” bevat inligting oor die bronne wat gebruik is, ’n lewenskets van Shaka, aantekeninge oor die kunstenaars se veldwerk, die medium/vorm wat hulle gekies het, voetnote (eintlik eindnote?) by die onderskeie kunswerke en gedigte, en ’n bibliografie.¹⁴ Die uitgawe het in ’n beperkte oplaag verskyn en stel Shaka as grootse en byna mitiese figuur voor.

Die gedig is in die vorm van 'n dramatiese monoloog en fokus op die moord op Shaka as 'n terugkerende en dreigende motief, wat 'n somber atmosfeer tot gevolg het. Shaka self tree as 't ware as eerste persoonsverteller uit die graf en bied in 'n deurlopende narratiewe geding met sy halfbroers en moordenaars 'n grootliks chronologiese oorsig oor die hoofmomente tydens sy lewe. In “Shaka’s victory dance” het hy hoë ideale vir sy gemeenskap en stel hy groot eise aan sy vegters:

dance high my people
hyenas wait on us behind
if you want to be people of heaven
dance higher
look the ground is spiky with
devil thorns
I have my sandals off
dance over them my people
as the natural thorn hardens
your soul dance higher. (16)

Shaka se mag het mettertyd astronomies gegroei, sodat hy in “Shaka the King” homself met die landskap om hom en die kosmos vereenselwig:

like a great fig tree
I stand over the earth
my roots are calcium
there is more blood in my stem
than an elephant’s
my branches cover the sky
I carry protection
and my head is in the sun. (21)

Die koms van wit mense na Port Natal is aanvanklik nie deur Shaka as 'n bedreiging beskou nie en hy het selfs sy vesting van kwaBulawayo na kwaDukuza verskuif, waaroor “Shaka moves to Dukuza” handel:

it was time for compromise
we moved to this halfway
Dukuza (Mbopa)
towards their Britannic Majesty
my Georgie
whose swallows always return
(Mbopa) they promised
us everlasting life. (34)

Nandi se dood was vir Shaka 'n groot skok (“I conquered the world / and the world lost / his mother”, 35)¹⁵ en het 'n jaar lange periode van gedwonge rou en bloedvergieting ingelui (35). Shaka se poging om uit te reik na die Britse monarg, koning George IV (1762–1830), is met weinig meer as minagting beantwoord:

King Georgie returned me his trash
a mirror a copper a bead. (38)

Die sameswering teen Shaka is tot uitvoering gebring kort nadat “snivelling Pondos brought / crane feathers for a king / and his cloak of skin for peace” (40).

Ná Dingane, Mhlangana en Mbopha hom doodgesteek het, het sy liggaam deur die nag gelê sonder dat dit deur roofdiere gevreet is (“for your own good / no hyenas will touch my flesh” – 41). Betekenisvol genoeg ontbreek woorde teenoor die laaste houtsnie, getiteld “Shaka lies untouched”, waarop Shaka se dooie liggaam met hiënas in die nabyheid lê (43).

Mazisi Kunene (1930–2006) se *Emperor Shaka the Great: A Zulu epic* (1979) is oorspronklik in Zulu geskryf terwyl hy in die 1960’s in ballingskap in die buiteland was. Die skrywer het die epos self vry in Engels vertaal, wat met die finansiële steun van Unesco deur Heinemann in hulle African Writers Series gepubliseer is. Volgens Kunene (1979:xi, xiii en xxviii) het sy werk grootliks op mondelinge oorleweringe gesteun en het hy probeer om ’n eerlike en akkurate beeld te skep van wat Shaka bereik het. Kunene (1979: xvi) beskou Shaka as “the great military genius, the great political organizer, the great visionary”. Die gedig fokus op Shaka as heroïese figuur, met sterk nasionalistiese trekke, en dit verhaal op simpatieke wyse in breë trekke die groei van die Zuluvolk onder Shaka se leiding.

Die Zuluweergawe van die epos, *uNodumehlezi kaMenzi*, is in 2017 gepubliseer. ’n Span Zulu-akademici onder leiding van die skrywer en akademikus Otto Nxumalo het aan die voorbereiding van die uitgawe meegewerk. Die oorspronklike manuskrip “was less than perfect and in some cases had to be restored [...]. Twenty-eight pages of the isiZulu manuscript were missing, necessitating a reverse translation mimicking the poet’s turn of phrase and a multitude of other artistic considerations” (Sosibo 2017:1). Die epos word in 17 dele, of “books”, aangebied en maak ruim gebruik van prysgedigte (onder andere oor historiese figure soos Senzangakhona, Zihlandlo, Mkhabayi, Zulu, Jama en Ndaba) wat Shaka as heroïese en tragiese figuur voorstel. Die dikwels prosaïese derdepersoonsvertelling met min tradisionele poëtiese bindmiddels bestryk die tydperk sedert Shaka se geboorte. Sy ouers se verhouding word onkrities en dramaties aangekondig:

Senzangakhona, the son of Jama, “the fierce bundle of spears”,
Encountered the beautiful one, the Princess Nandi. (5, 23–4)¹⁶

Die twee minnaars se aangetrokkenheid tot mekaar en hulle liefdespel word soos volg beskryf:

As she spoke she stretched out her kindly hand.
She scattered the seeds of her beautiful eyes.
Senzangakhona picked up the warm messages of her mind.
His wounds were cured.
They fell together behind the growth of bushes.
They loved as though to celebrate their final day on earth,
As though nothing ever again would disturb their minds. (7, 4–10)

Shaka se geboorte was gehul in omstredenheid en gerugte is versprei dat “her pregnancy was only an illness of intestinal beetles” (9, 12). Vroeg in Senzangakhona en Nandi se verhouding was daar konflik tussen hulle onderskeie stamme, die Zulu’s en die Langeni, wat saam met

die verwydering tussen die twee ouers dominante temas in hierdie en talle ander gedigte oor Shaka is.

Toe Senzangakhona van Shaka se geboorte hoor, het hy gelag (“rocked with laughter” – 24, 31). In die geveg teen die abasemaLangeni het Senzangakhona se Zulu’s gewen, maar Nandi en haar kinders is gespaar. Sy swakheid vir sy “Sweetness” (27, 8) het die prominente en onafhanklik denkende prinses Mkhabayi, “reputed for bravery and wisdom in Zululand” (27, 20), verontwaardig laat reageer.

Shaka se toenemende roem het nie Senzangakhona se goedkeuring weggedra nie, aangesien hy sou verkies het dat die eer sy ander geliefde seuns en dogters sou toekom (32, 21–29) – ten spyte van “Shaka’s feats of courage and many poems of praise / He did not win the love of all” (37, 27–8). Shaka en Nandi se ontvangs by die Qwabe was gul en koning Khondlo het sy hart vir hulle oopgemaak (43, 16–7). Shaka het egter sy fisieke en simboliese reis na manlike volwassenheid na die woonplek van prins Mpukunyoni van die Mthethwas voortgesit:

This man was the tutor who looked after the king’s children.
For Shaka of the Zulus life was never to be the same again.
The shadows of the past dissolved in the new sun.
He grew proud and generous and full of confidence,
For those who are loved never fail. (44, 15–9)

By Dingiswayo het Shaka die inisiatief geneem en die “Mbonambi clans, the makers of intricate iron” (52, 17), gevra om vir hom ’n kort assegaai met van die sterkste hout te maak. Hy het sy impi’s kaalvoet en intensief laat voorberei om teen opponente te veg. Shaka het die belangrikheid van deeglike beplanning besef, verklaar “all wars are the same, following only laws of battle” (54, 32), en sy Chwe-regiment voorberei.¹⁷ Shaka het talle van die klein en verspreide stamme ingelyf om ’n verenigde Zulukoninkryk tot stand te bring.

Kunene stel Shaka voor as ’n leier met ’n hoër roeping en bonatuurlike magte, wat self die volgende sê:

I [...] do what was designed for me by my Ancestors.
Their voices give me no rest and no peace. (100, 26–7)

Shaka se kennismaking met wit mense, wat onder meer “the Pumpkin Race” (206, 2), “Strangers” (209, 36 e.v.), “a race of red ants” (211, 13) en “a violent and ruthless race” (211, 32) genoem word, kry groot aandag in die gedig. Hy het hulle “secret aims” (211, 11) nie vergeet nie, maar “gave them land, / Intending to make them, too, men of families” (215, 30–1) in Port Natal. Hy was gou angstig om ’n ooreenkoms met koning George te sluit oor hulle teenwoordigheid.

Deur Kunene se oë gesien, was Shaka nie met die Europeërs beïndruk nie:

I notice [...] they wear heavy shoes
Which in battle must slow down their speed.
Their feet have been made soft and tender like children’s
When I asked them of the life in their lands
They spent much time telling me of their wealth and prosperity,

But the prosperous people never leave their homes to roam the earth.
Their customs are those of a violent and ruthless race. (211, 25–32)

Hy het egter die besoekers uit Port Natal in sy koninklike vesting ontvang en vleis en bier vir hulle voorgesit (269, 22–3). Hy was gretig om met die debat in die vergadering voort te gaan en het die besoekers uitgevra. Hy wou van hulle weet of hulle dokters “discovered the herb of immortal life” (269, 26). Hy wou dié middel nie self hê nie, want “I have set myself only the death of a warrior) / But for all those who are close to me. / [...] / I am anxious, too, about my mother” (269, 27–8 en 32).

Nandi se ongesteldheid is op haar versoek twee maande lank vir Shaka geheim gehou: “For such are those possessed of deep love, / They fight alone, sparing us their extremes of pain” (328, 18–9). Tydens die viering ná ’n groot jagparty, “the greatest hunt ever held in Zululand” (329, 28), het ’n boodskapper die nuus van haar siekte aan Shaka oorgedra. Hy het hom na die koninklike stad by eMkhindini gehaas, waar Fynn vergeefs probeer het om haar lewe te red, maar die reuk van die dood “hovered over the mountains and everywhere” (334, 17).

Shaka se verdriet het deur Zululand weerklink en duisende “joined the dark chorus of grief” (335, 11), wat deur haar “fearful” begrafnis (337, 21) en die stamvergadering (“Assembly”) se ingrypende maatreëls gevolg is (340, 4–13).

Shaka se tydperk van rou oor Nandi het groot offers van die gemeenskap geëis en het, saam met onder meer die beperkinge op die vegtende mans om eers op 40 jaar te trou, vir vele tot ontnugtering en weerstand teen sy heerskappy aanleiding gegee. In die lig van ander wreedhede, trauma en konflik in die gemeenskap waarop Kunene se epos lig werp, kan die leser hom of haar self ook ander negatiewe reaksies uit die gemeenskap indink.

Kunene stel voor dat Shaka uiteindelik met die ongewenste wit besoekers wou afreken, maar tot ná die stryd teen Soshangane daarmee wou wag:

The races of over-the-ocean have come:
Over our heads they have cast their shadows.
If we do not hurry, if we do not block the passages,
Their wiliness shall endanger the whole Palm Race.
In years to come they shall invade the whole region,
Recruiting even old women for their wars.
We must paralyse the young of the locust. (376, 19–25)

Shaka se veldtog teen die Mpondo, waartydens die opponente “retreated into the forests and mountain areas” (358, 20–1) en die groot held Manyundela gesneuwel het, is afgelas en Shaka het beoog om van sy streng maatreëls te verslap. Hierna het Dingane en Mhlangana die beoogde veldtog teen Soshangane laat vaar, met die verskoning dat die vegters “have failed through illness to proceed to battle” (394, 4).

Prinses Mkhabayi het saam met die twee halfbroers begin werk en hulle verder aangehits om Shaka om die lewe te bring om die voortslepende “family tyranny” (395, 36) te beëindig.

Intussen het Shaka gewag op nuus van die Soshangana-veldtog en 'n deel van die Yendane-regiment wat uitgestuur is “[t]o find the royal feathers beyond the Khahlamba mountains” (400, 27).

Shaka se lyfwag, Mbopha (“a servant of the powerful” – 30), is oorgehaal om aan die same-swering en moord deel te neem, wat uitgevoer is kort ná die Yendane-regiment teruggekeer het, maar volgens Shaka te lank weggeby het. Die moord op Shaka deur Mbopha, Dingane en Mhlangana het kort hierna plaasgevind.

Die sterwende Zulukoning se laaste woorde word in Kunene se epos soos volg weergegee:

They stabbed Shaka of Senzangakhona from all sides.
Blood spurted out even from his mouth.
When Shaka realized the truth at the last moment
He smiled and said: “So, my brothers, you are killing me?
And you, too, Mbopha, son of Sithayi!
You think you shall rule Zululand after my death.
No, you shall never rule. Only the swallows shall rule over it.”
These were the last words he uttered as he fell onto the ground. (425, 8–15)

Die politieke aktivis Kunene gaan vry om met die historiese bronne oor Shaka en vergoelik dikwels die koning se optrede. Hy stel hom voor as 'n leier en regeerder wat krities was oor kolonialisme en op gelyke voet diplomatieke bande met Brittanje wou aanknoop. Ten spyte van sy foute was Shaka 'n simbool vir Pan-Afrikanisme. Vir Malaba (1986:406) is die grootste tekortkoming van die gedig “that Shaka is presented as too ‘great’ a figure – he is far more intelligent than other people (and thus appears patronising); he can do no wrong; and is above reproach – even if his new laws (the proscription of marriage, for example) led to much dissatisfaction.” Siendou Konate (2012:17) bevind Shaka “[to] have been more or less authenticated by African historians” en Godwin Makaudze (2015: 37) beskou die epos as “a celebration and an expression of African values”.

Alfred Schaffer (1973–) se *Mens dier ding* is oorspronklik in 2014 in Nederlands uitgegee en in 2018 deur Zandra Bezuidenhout in Afrikaans vertaal en gepubliseer, terwyl die bundel ook in Engels en Frans uitgegee is. In Schaffer se eie woorde is die gedigte in die bundel “‘based’ not only on the so-called historical facts of Chaka’s life, but more specifically it is in parts a rewriting, an adaptation of the novel *Chaka* by Thomas Mofolo” (2016:149). Schaffer gebruik in sy postmoderne herskepping drie vertalings van Mofolo se *Chaka* (in Engels en Afrikaans) om Shaka anachronisties na die hedendaagse samelewing te transposeer, asook enkele ander tekste wat hy (2016:150) as oer- of intertekste aandui. Nes by Stephen Gray vroeër, tree Shaka as eerstepersoonsverteller op in dagboekinskrywings, briewe en monoloë om elemente van mag, waan en dierlikheid uit te beeld.

In die populêre Afrikaanse prosa kom Shaka in die werk van 'n aantal skrywers voor. P.P.R. van Coller (1926–1958) skryf in die voorwoord van *Die swart Attila: Verhale van Shaka* (1946) dat hy probeer het om die onderwerp vanuit “die menslike oogpunt te benader sodat die leek, wat nie altyd die tyd het om swaarwigtige, pedanties-wetenskaplike verhandelinge te lees nie, ook 'n kykie in hierdie deel van ons land se geskiedenis kan kry”. Van Coller se sewe hoofstukke begin met die geboorte van Shaka en maak ruim van dialoog gebruik. Vir Nandi was prins Senzangakhona van die Amazulu “die kristallisering van haar romantiese verlangens” (9)

en “die welp van die groot Leeu” (9, 11 en 12), maar hulle liefde het “die perke van die spel oortree” (13). Nandi se swangerskap was vir Senzangakhona ’n siekte “veroorsaak deur die byt van ’n *ishaka* (’n soort kewer)” en Shaka het onwelkom in die lewe gekom.

Shaka se jeugjare het groot invloed op hom gehad, soos talle ander skrywers beklemtoon. Terwyl hy saam met Nandi by die Qwabe gebly het, het hy “lustig en slu” (20) geword. By Dingiswayo se Umtetwa is Shaka vir die eerste keer “soos ’n mens behandel” (23), by een van die regimente ingelyf en gehelp om die mag te versterk en uit te brei, waarvoor Van Coller waardering het. Ná Shaka sy halfbroer Sigujana doodgesteek het en sy vader oorlede is, het hy die opperhoof van die Amazulu en koning geword. Hy het voortgegaan om ander stamme te verower en van “die wat hom nie as vors wou erken nie het net die geraamtes en ashope agtergebly om die storie te vertel” (35). Shaka het ’n harem van die mooiste jong vroue gehad, wat hy sy “susters” genoem het. Sodra een van hulle egter ’n kind in die lewe gebring het, het “sy en haar kind albei die dood gesterf” (45). Shaka het een van sy vroue, Monase, vir sy halfbroer Mpande gegee en sy het kort daarna Shaka se kind in die lewe gebring. Dié kind van Shaka was na bewering die latere koning Cetshwayo (46).

Nandi se dood het tot die dood van sekere groepe mense gelei en talle het wreed aan hulle einde gekom omdat hulle nie genoeg oor haar getreur het nie. Heelparty jongmense is doodgesteek om in Nandi se graf as “vloermat”, “kometers” en “kamerbediendes” in die geesteswêreld te dien (52). “Mans, vrouens, kinders en diere het geween, nie oor die Moeder-Olifant nie, maar oor hul eie onbeskryflike ellende,” word geskryf (53). Eers ’n jaar ná Nandi se dood was Shaka gewillig om die routydkerk te beëindig en kon daar feesgevier word:

’n Jaar na die dood van Nandi is Shaka “gereinig” en die finale rou-taboe’s [sic] opgehef. Die reinigingsfees sluit o.a. in die besprinkeling van die naasbestaendes met die gal wat uit lewendige kalwers geskeur is. Na die besprinkeling volg ’n groot dans en eetmaal waar die lank ingehoue luste die volle teuel gegee word. Oorlogs- en ander liedere weerklink vrolik oor die maanverligte vlaktes en die bier vloei vrylik uit die kalbasse in die gewillige kele af. (57)

Shaka se striemende hand het tot groot ellende gelei en “[m]ense het soos diere geword. Hulle het in grotte en in die oerwoud weggeskuil en elkeen se hand was teen sy medemens gerig” (58). Om in dié onrustige tye die mag van die “toordokters” (*inyangas*) “met hulle gedurige uitruikery van ander om eie vel te spaar” (65) aan bande te lê, het Shaka ’n plan bedink wat tot die teregstelling van etlike honderde van hulle gelei het (65–6). In die hoofstuk “Shaka as regter” word voorbeelde van Shaka se wreedheid gegee, waaronder die aan die brand steek van Ndwandwe-vroue en die doodmaak van “oor die 400 vroue [...] omdat hulle katte aangehou het” (68). Kort op die hakke van die onsuksesvolle 1828-ekspedisie teen Soshangana noord van die Limpopo (80–8) het Dingane en uMhlangana met Mnkabayi se hulp saamgesweer om Shaka om die lewe te bring. Saam met Mbopha het Dingane en uMhlangana Shaka “in ’n beeskraal ’n klein entjie buite die hoofstat” (91) doodgesteek. Ná die leer teruggekeer het, het Dingane die geleentheid om koning te word verseker deur uMhlangana in sy hut dood te steek (95).

Van Coller se werk bevat ’n aantal raspejoratiewe, maar gee ’n goeie oorsigtelike beeld van Shaka se lewe en sy moord. Shaka se wedervaringe as kind het sy “geestesgesteldheid” (16) beïnvloed, met stemmings en gedrag wat later in die roman as “snel wisselend en verrassend” (47) beskryf en “sadistiese waansin” (67) genoem word. Van Coller tipeer hom as “die grootste

tiran wat Donker Afrika geken het” op wie se graf “’n sierlike monument” staan, maar nie op dié van sy halfbroers nie. Malaba (1986:359) beskou *Die swart Attila* as ’n “remarkable book [...], which can be taken as an example of ‘popular’ Afrikaner history, which stresses the Shaka-the-Destroyer myth”. Die slot van die roman interpreteer hy (1986:361) as dat “Shaka, doubtless, is honoured for conveniently de-populating the region in readiness for a Boer take-over!”

Die skrywer, vooraanstaande antropoloog en akademikus J.P. Bruwer (1914–1967) se goed-nagevorste en meermale beeldryke verhaal “Shaka die worstelaar” in *Manne van die Bantoe* (1956) bestaan uit sewe hoofstukke waarin ook van dialoog gebruik gemaak word. Bruwer lê klem op Shaka se moeilike kinderjare en hoe hy sy dapperheid by Dingiswayo van die Abatetwa bewys en ná Senzangakhona se dood en Sigujana doodgesteek is, die heerser van die Amazulu geword het. Hy het die impi’s en regimente afgerig en saamgestel volgens hulle ouderdomme en “’n pragtige kleurskema [...] vir hulle skildvelle uitgewerk” (22). Uiteindelik het hy geregeer in die land tussen die Thukelarivier en Phongolorivier waaroor Bruwer (1956:27) soos volg skryf:

Tussen die berge en die see was daar voortaan net een – Shaka Zulu! Hy het sy oë opgeslaan na die heuwels en die berge, en het ver oor die horison gestaar na die landpale van ander mense. Ook daar sou die impies van die Groot Olifant weldra dood en verwoesting saai ...

Shaka se begeerte om alleen te regeer het onder meer daartoe gelei dat hy Noliwe, “die jong suster van Dingiswayo en die lieflingsvrou in die harem van die heerser van die Amazulu” (28), met ’n vlegnaald (waarskynlik van been) in haar hart gesteek het toe sy verwagting was. Die onverbiddelike eise wat Shaka aan sy vegters gestel het, het daartoe gelei dat Umzilikazi, Soshangana en Zangendaba gevlug het. So het Shaka “die oorlog aangeblaas tot diep in die bosse van Afrika en baie duisende mense het op hierdie oorlogspad gesterf” (30).

Nandi was die groot liefde in Shaka se lewe en dit het “soos ’n vol rivier deur sy lewe gespoel” (30). Soos reeds genoem, het haar dood tot ’n groot routyd en slagting gelei, terwyl die graf van die “moederolifant” ’n jaar lank dag en nag deur ’n paar impi’s in volle oorlogsmondering bewaak is (33). Ná die routyd is die glorie van die leër herstel, maar mense wat die lyding ervaar het, het nou “by die aanhoor van sy naam gespuug” (36). Dingane en uMhlangana het saamgesweer om hom om die lewe te bring. Nadat sy halfbroers en Mbopha hom met hulle assegaai gesteek het, het Shaka voorspel dat nie hulle nie, maar “daardie witmense sal regeer” (39).

Shaka se dood het groot implikasies vir die Amazulu gehad:

Vir die Amazulu het die son daardie dag ondergegaan terwyl die skaduwees nog net in die klowe gelê het. Die groot Unodumehlezi het na sy vaders verhuis. Hy wat die Amazulu verhef het tot ’n magtige volk, het in die hoofstat by Dukuza dood gelê. Sy impies sou nie meer seëvierend van die oorwinningstogte terugkeer nie want die groot worstelaar het vir altyd vertrek. En saam met hom het die mag van die Amazulu ook gesterf. (40)

Tussen 1976 en 1978 het drie publikasies oor Shaka by Perskor verskyn, naamlik ’n niefiksiewerk deur F.W. Strydom, ’n roman deur P.J. Schoeman en ’n versdrama deur Pieter Fourie.

F.W. Strydom¹⁸ se *Die swart verskrikking: Die verhaal van Tsjaka en die Volk van die Hemele* (1977) bied ’n oorsig oor die vestiging van die Nguni van “’n vroeëre tuiste naby groot binnelandse mere en tussen groot riviere in die afgeleë noorde” (1) van die suidooste van die land. Die stamvader van die ses geslagte regeerders van die Zulu’s (“Volk van die Hemele”) tot en met Shaka was Malandêla.¹⁹ Hy het hom omstreeks 1670 teen die Ndaweheuwel suid van die Mhlatuzerivier gevestig, waar hy “sy kringstat van byekorfhutte [...], met die hek soos gebruiklik onder aan die spruit se kant en met die uitsig ooswaarts” (12) aangelê het. Shaka se geboorte, grootwordjare en opgang word breedvoerig beskryf. Sy oorwinning oor Ndwandwe het hom die alleenheerser van die Phongolorivier tot aan die Thukelarivier en van die see tot aan die Drakensberg gemaak. Shaka is uiteindelik “geloof en vereer en as ’n bonatuurlike wese beskou” (52). Strydom beskryf Shaka se ontmoeting met Fynn en Farewell (57–63), asook met die jeugdige John Ross (63–4). Shaka se optrede as “veroweraar, maar ook as menseslagter en -ontwortelaar, het [...] nooit en nêrens in Afrika sy gelyke gehad nie” (65).²⁰ Nandi se dood het verreikende implikasies gehad en hy, “sy mense, sy beeste en die voorvadergeeste vorm in hierdie roubedryf oor die magtige Moeder van die Aarde en die Koning een groot geestelike verbintenis” (93). Die jaar van “swaarkry, honger en ellende” en “die doodslag na Nandi se dood” (105) het ongelukkigheid aangevuur, wat tot die moord op Shaka gelei het (107–10). Strydom se werk oor “die onmenslike diktatuur van Tsjaka van die Zulu” (65) steun op ’n twaalfstal bronne, wat in die “Bronne geraadpleeg” erken word.

Die jeugverhaalskrywer en vroeër professor in antropologie aan die Universiteit Stellenbosch, P.J. Schoeman (1904–1988), se boeiende *Pampata: Die beminde van koning Tsjaka* (1978), wat in 1983 ook in Engels verskyn het, handel oor die band tussen Shaka en die fiktiewe Pampata. Die roman begin soos volg: “Pampata, die Zulumeisie met die mooi droom, sou uiteindelik die enigste werklike beminde van die nugtere staalwil-koning, Tsjaka, word” (1). Teenoor literêre werke waarin die klem op Shaka se oorlogshandelinge en wreedhede geplaas word, belig dié roman ’n romantiese dimensie van sy lewe en bevat baie inligting oor die daaglikse leefwyse en gebruike van die Zulu’s. Die werk begin met (en word selfs gekenmerk deur) oorvertellings oor Shaka wat van jongs af mense se aandag getrek en Pampata se belangstelling geprikkel het. Die sensuele en nuuskierige Pampata se hunkering na haar geliefde het groter geword en “stories van Nandi en haar seun het meer en meer begin krap in haar hart” (35). Hierdie gegewe beslaan bykans die eerste helfte van die roman.

Benewens die ryk verteltradisie maak een van die karakters, Shaka se beste vriend Mgobozi, gebruik van aanhalings uit ’n pryslied, “’Mlil’uyavutha!”²¹ (“Die vuur wat hoog vlam”), om sy lof te besing nadat hy vreesloos ’n luiperd met sy assegaai gestee en met sy swaarkopknopkierie doodgeslaan het (81–2). Hierop volg Pampata se goed-oorwoë plan om saam met haar moeder, Mamane, en suster vir Shaka by Emangweni met twee groterige potte bier, twee potte vol vars *amasi* en slaapmatjies te besoek (94). Eers teen die elfde hoofstuk daag Pampata in Emangweni op om die geskenke vir die koning te gee. Die skrywer bewerkstellig spanning en verrassing wat uitloop op die eerste ontmoeting wanneer Shaka met “die hongerkrampe van ’n lang en besige dag” (103) die twee potte met heerlike kos goedkeurend nuttig. Pampata het Shaka se “gespierde, langerige liggaam, sy mooi langvinger-hande en die fermheid van sy mond wanneer hy telkens ophou eet en in die aandskemering wegstaar” (104), bewonder.

Tydens die *giya* (oorwinningsdans) waar Shaka met sy regiment “met spronge in die lug, skynstormlope” (109) uitgevoer en die grond laat bewe het, het hy die kalbas met bier uit haar hand ontvang en haar só simbolies as sy beminde gekies. Pampata se hunkering na haar geliefde word sterk gesuggereer en daar word uitvoerig geskryf oor die uitwerking op Shaka van die

gespot van sy kindertydse maats oor sy klein geslag, “’n ware *umsundu* – erdwurmpie – en dat hy nooit ’n vrou sal kry nie” (118–9; kyk ook 75, 156 en 160–2). Ná Shaka se heroïese oorlogsending saam met Dingiswayo teen koning Pungashe van die Buthelezi’s (122) en manalleen oorwinning oor die reus Feleba, “wat in sy grot in die berg woon en mense en beeste met sy groot byl doodkap” (125),²² het hy en Pampata hulle eerste nag saam deurgebring (135).

Ná Senzangakhona se dood het Shaka op Dingiswayo se bevel in die ou koningstat Ensiklebeni koning van die Zulustam geword. Een van sy voornemens is verwesenlik om met dié af te reken wat sy moeder en hom as kind sleg behandel en sy “*umthondo* met ’n erdwurm vergelyk het” (160). Met die groeiende selfvertroue wat sy nuwe posisie gebring het, het Shaka aanvanklik sy harem met ses vroue gevestig (166) totdat moeders “van oral in die land hul dogters na die nuwe koning gebring” (173) en hulle “reeds by die honderd” (182) aangegroei het. Nadat bekend geword het dat van Shaka se wagte snags by van die vroue kom inloer het (173), het ’n groteske toneel hom afgespeel wat Pampata soos volg beleef het:

Sy het die 25 meisies wat Mgobozi kom haal het, in ’n lang ry sien staan. En hulle was [...] sonder hul stringetjies rooi krale. Hulle het geheel nakend voor die skare gestaan. Pampata het haar kop in skaamte laat sak, maar sy kon nie haar ore sluit nie. Sy hoor hoe Tsjaka 25 van sy wagte beveel om nakend voor die ry meisies plek in te neem. Sy wou nie kyk nie, maar ’n krag buite haar het haar laat opkyk. Daar voor elkeen van die 25 naakte meisies staan ’n naakte man. Agter die man het ’n hele ry van die koning se laksmanne met groot knuppels posisie ingeneem. Pampata sien tot haar ontsteltenis hoe die naakte mans uiterlike tekens van opgewondenheid openbaar. (175–6)

Volgende het Shaka teen die *abatagathi* opgetree, die vals waarsêers/toornaars wat mense in vrees vir toordery laat lewe het omdat die waarsêers/toornaars vir eie belang onskuldige mense uitgeruik het (184–9). In die verhaal tree Pampata as ’n gewete en bemoediger vir Shaka op, wat vir haar moontlik was aangesien sy voldoen het aan sy behoefte “aan die geselskap van ’n vrou wie se belangstellingswêreld groter as dié van ’n gewone vrou was” (194) en baie in Nandi se geselskap geleer het.

Die verhaal eindig ná die beslissende geveg teen Swide se impi’s by drie oorgangsdriwwe in die Wit Umfolozi en die strategies geleë Qokli-heuwel. Vir die laaste geveg het Pampata haarself as offer aangebied:

Ek sal, vrou alleen, met regop arms tot voor Swide se leër loop, dan sal ek gaan staan, my skaamteklere afgooi, en so nakend voor hulle bly staan. Hulle sal dan almal skreeu: “*umhlolo – umtagathi*,” en vassteek in hulle opmars. (211)

Hoewel Shaka nie haar voorstel aanvaar het nie, was sy die gees van die stryd wat hom in staat gestel het om “uit al die baie groot en klein Nguni-stamme een groot Zoeloenasie te bou” (221). Met die tien wit beeste en tien uitsoekmeisies wat die verslane Temboes en Qwabes elk ná die slag as versoenings- en onderdanigheidsgebaar aan Shaka gestuur het, het hy die geleentheid gesien om Pampata “na verdienste te vereer” (222) met vier rye soldate se geklop van die assegaastele op hulle skilde en ’n koninklike saluut, “Bayete Pampata!” (223).

Só eindig hierdie roman waarin Schoeman se antropologiese en historiese kennis, vertelvermoë en kreatiewe verbeelding uitstaan. Die hoofbron vir Schoeman by die skryf van die roman was E.A. Ritter se lewensroman *Shaka Zulu* (1955). Ritter was as oudsoldaat by die Bambatha-

rebellie van 1906 en 1907²³ betrokke en het waardering vir die Zulu's se militêre vernuf gehad. Schoeman het meer as gewone belangstelling in swart seksualiteit getoon en die karakter Pampata geskep by wie Shaka ritueel sy eerste bebloede assegaai sou gaan afvee het.²⁴ Volgens Ritter (1955:35) het sy onder andere Shaka se toekomstige grootsheid voorspel, was “an able and intelligent woman” (37), Shaka se “principal unofficial adviser in civil affairs” (84), “upset by Shaka's cruelties” (339) en na aan Nandi (84). In die afdeling “Shaka the herd boy” besin Ritter oor die beledigings wat Shaka as kind op die lyf geloop het oor die grootte van sy penis, wat die vorm van 'n erdwurm sou hê (339). Schoeman benut in sy roman 'n neo-Freudiaanse benadering tot Shaka se lewe en skenk aandag aan seksuele determinante en die moontlike invloed van jeugervarings op sy latere lewe.

Pieter Fourie (1940–) se *Tsjaka* (1976b) is in 1967 in die vorm van 'n versdrama in sewe bedrywe en in die styl van die Griekse tragedie geskryf. Fourie se leeswerk oor die stamme van Afrika en kennismaking met die groot veldhere en tragiese figure uit die tragedies het ooreenkomste met Shaka uitgelig (Luwes 2012:124–5). In die drama word Shaka se komplekse verhouding met sy moeder ondersoek, asook die sluimerende ongelukkigheid en onrus wat tot sy dood gelei het. Pampata, die fiktiewe beminde van Shaka uit Ritter se werk, speel 'n prominente rol in die drama as die minnares wat teen sy uitdruklike wil sy kind verwag en in die lewe gebring het. Shaka (wie se naam, soos reeds genoem, afkomstig is van die woord vir 'n kewer, wat as 'n refrein in die drama herhaal word – 5, 9, 17, 21, 22, 27, 32, 37 en 42) vermoor die kind en in die volgende bedryf maak die wit man Fynn (“die Swawel wat vinnig trek / oor see of land”, 30) sy verskyning. Fynn se “sterk medisyne / in 'n wit kisse / onder rooi gekruisde lyne” (36) en kundigheid voorkom egter nie dat Nandi sterf nie. Wanneer Shaka daarna alleen op die verhoog is, sê hy hierdie aangrypende woorde in die trant van 'n beskuldiging teen die geeste/onregverdigheid:

O, Voorvaderlike Geeste,
u wat die Umfolozi rigting gee
en die lywe van my vyand wegspoel in die see;
U wat die grassaad teen die reënstreek waai
en al sy beeste moddervet laat wei
teen heuwels waar geen aasvoëls draai,
waarom, waarom vervloek u my?

Ek was as kind verstoot, verneder!
Nou nog dra ek die naam van kewer ...
en tog het ek haar nooit verwyd;
myself en alles wat ek het vir haar gegee,
ook vir my volk
het ek die Ixwa self gesmee
en voor aan my impies geloop,
en nie soos 'n vetsak lomp gelê
tussen vroue en kinders
terwyl my manne die vyand plat moes stroop.

Wat het ek verkeerd,
as kind óf vegter óf koning, gedoen?
Niks!
Nooit! Nooit sal ek my met u wrede wil versoen.

Vervloek is U!
Ook hierdie straf gun ek u nie.
Sy het my die lewe ingestoot
en ék sal haar die eer gee van 'n suiwer dood. (42)

Fourie se *Tsjaka* is deur Sheila Killian in Engels vertaal en onder die titel *Shaka* (1976c) gepubliseer, maar dit is nog nooit opgevoer nie.

Talle ander Engelstalige boeke is oor een of ander aspek van Shaka se lewe gepubliseer. Die prolifieke Ghanese skrywer, filosoof en uitgewer G.K. Osei se belangstelling in Afrika se vroeë geskiedenis vind neerslag in *Shaka the Great: King of the Zulus* (1971). In die Keniaanse skrywer Meja Mwangi (1948–) se idealistiese roman *The return of Shaka* (1989) word heelwat Zuluwoorde en -uitdrukkings gebruik om tot die werk se outentieke karakter by te dra. Dianne Stanley (1943–) en Peter Vennema se *Shaka: King of the Zulus* (1994) is 'n geïllustreerde biografie vir jongmense. Walton Golightly (1966–) se historiese romans *AmaZulu* (2007), *Shaka the Great* (2011) en *People of the Sky* (2013) het al drie aspekte van Shaka en sy era as tema. In Richard Spilsbury se geïllustreerde werk vir die jeug, *Shaka Zulu* (2014), tree Shaka as eerste persoonverteller op en gee 'n oorsig oor sy lewe en die daaglikse lewe van die Zulu's tydens sy era. In Robin Binckes se *Zulu terror: The Mfecane Holocaust, 1815–1840* (2019:9–15) word in die tweede hoofstuk, “Shaka: The quest for power”, oor Shaka se rol tydens 'n onstuimige tyd in die Suid-Afrikaanse geskiedenis geskryf.

In romans oor ander aspekte van die gebeure in Natal tydens die 19de eeu kom Shaka kortliks ter sprake. In die befaamde Amerikaanse skrywer James A. Michener (1907–1997) se *The Covenant* (1980) word oor Shaka in die hoofstuk oor die Mfecane geskryf. Jeanette Ferreira (1954–) se *Bloedlelie* (2019) bied perspektiewe op die lotgevalle van die Voortrekkerleier Piet Retief en sy geselskap, met die klem op hoe Retief se vrou Magdalena die gebeure ervaar het. Ferreira skryf in breë trekke oor die Zulugeskiedenis en die Voortrekkers se ervarings. Tydens hulle aankoms in die gebied was daar nog tekens van verwoesting en “[n]ou nog stuur die blote noem van Shaka se naam siddering deur die Zoeloes” (5). Klem word ook gelê op hoe Dingane ná sy broer se dood só gekweld gebly het “dat hy strukture [...] laat aanbring het om Shaka se gees te laat bedaar” (274). Ferreira gaan sowel krities as waardierend om met bronne uit die verlede, wat in die roman erken word (216).

Luke W. Molver en Mason O'Connor se *Shaka rising: A legend of the Warrior Prince* (2017) vorm deel van die African Graphic Novel Series. Die kunstenaar Molver gebruik grafika en die skrywer O'Connor gebruik dialoog om die geskiedenis van Shaka vanaf sy geboorte uit te beeld, en dek die verwerping deur sy vader, ballingskap en uiteindelijke oornam van die mag. Die verhaal word voorgestel as 'n mondelinge vertelling deur 'n ou vrou aan 'n groep kinders. Die leser maak met verskeie figure uit Shaka se tyd kennis, terwyl die uitgawe teen die einde toeligende aantekeninge oor die Zulugeskiedenis, -taal en -kultuur bevat. Op die kolofon word erkenning gegee aan Wylie se *Myth and iron: Shaka in history* waaruit agtergrondinligting bekom is. Molver beeld in *King Shaka: Zulu legend* (2019) die verdere verloop en konsolidering van Shaka se koningskap, die koms van die Engelse en sy halfbroers se sameswering om hom om die lewe te bring uit. Warren Duncan, Eli Johnson en Toben Racicot se *Shaka* (2020) verskyn met drie alternatiewe tekeninge op die voorblad en beeld ook die befaamde Zulukoning kleurrik, visueel en dramaties uit.

In aansluiting by die prysgedigte oor Shaka bestaan ook heelwat tradisionele musiek oor hom. 'n Voorbeeld hiervan is die album *Traditional Zulu music: Songs of King Shaka* (2011) met 32 prysliedere, oorlogskrete, jag-, fees- en tradisionele liedere uit die era van die vroeë Zulukonings. Die opnames is gemaak deur die Amagugu Akwazulu, bestaande uit ouer lede van 'n koor van Nongoma, en die Abalendeli Bengoma tradisionele manlike sangers van die Thokoza-myngebied. Cruz Africa se hip-hop/rap-lied *Shaka Zulu* (2018) is 'n verdere voorbeeld van 'n onlangse liedteks oor Shaka. Een van die bekendste liedtekste oor hom is die temalied wat Margaret Singana vir die TV-reeks *Shaka Zulu* van 1986 opgeneem het. Die eerste vyf strofes van dié besondere teks lui so:

We are growing
Ayeyeyeyeye, ye
Aye, ayo, oh
Ayeyeyeyeye, oyo
Ayoyo, oh, oyo

Ayeyeyeyeye, ye
Ayeyeyeyeye, ye
Ayoyo, oh, oyo

Be a man of greatness now
A man so tall, a man so kind
Be a man of wisdom now
A man of mind, a man of blind

Be a man of kindness now
A man so big and strong in mind
Be a man so humble now
A man of man, now let it shine

This is what you are
This is how it was planned now
This is what to be
Every kind of man now.

6. Samevatting

Shaka was 'n opvallende en invloedryke figuur in die vorming van die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die prekoloniale era wie se lewe en bydrae sterk neerslag in die literatuur vind. In die volksmond leef hy in talle se herinneringe (nie noodwendig in die vorm van tot dusver ongedokumenteerde inligting nie) voort as 'n bron van perspektiewe waaruit nog steeds geput kan word. Hy was trouens in sy leeftyd “the subject and object of an inordinately large and self-generating body of praise poetry in Zulu” (Gray 1975:66). In elke nuwe teks word die bykans onkenbare Shaka weer lewend en word daar dikwels en opnuut 'n beeld van hom geskep, al moet die leser rekening hou met Tosh en Lang (67) se uitspraak dat die literatuur as bron vir die geskiedenis ontbreek aan “any authority as historical statements about the periods

to which they refer". Die Franse letterkundige Jean Sévry (1991) is selfs van mening dat elkeen sy eie Shaka skeep ("Chacun son Chaka").

Skrywers in onder andere Afrikaans, Engels, Frans, Nederlands, Sesotho en Zulu het belangrike werk oor hom gelewer, wat Shaka op verskillende maniere voorstel en 'n collage van sy wel en wee skeep. In hierdie werke is hy die slagoffer van kinderlike verwerping én sorg, volhardend, heroïes, 'n militêre en politieke strateeg, rigtinggewend, die stigter van die Zulukoninkryk, 'n poligamis, woordkunstenaar, simbool vir Afrika-nasionalisme, die moordenaar van sy eie familie en talle ander mense, wreed teenoor diere,²⁵ bloeddorstig en die slagoffer van sameswering en broedermoord. Hierdie uitbeeldings is soortgelyk aan dié wat lank reeds in bestaande mondelinge en geskrewe geskiedenis voorkom. Soos te verwagte, is ook aspekte van Shaka se psigiese samestelling en beweegredes deur skrywers bedink en word daar nog indringende navorsing oor hom gedoen.

Die werklikheid is dat pogings deur akademici en skrywers met Eurosentriese en Westerse benaderings en literatuuropvattinge om Shaka te "verstaan" die gevaar loop om sy geskiedenis te "steel" (Goody 2006:1–2) omdat hulle nie die era, sy dryfkragte en sosiokulturele lewe goed genoeg ken nie, wat implikasies het vir die verstaan van die literatuur wat in Suid- en Wes-Afrika en elders oor die onderwerp gelewer is. Shaka se pogings om diplomatieke bande met Brittanje aan te knoop is deur sy vroeë dood gefnuik, terwyl hy ook nie in alle opsigte opgewonde oor die wit besoekers se geskenke en gebruiksvorwerpe (in die era van die Industriële Revolusie) was nie.

Heelwat genreverme, soos prysgedigte, gedigte, liedtekste, dramatiese monoloë, (jeug)romans, grafiese romans, dramas en TV-reekse, is al gebruik om Shaka uit te beeld. Opvallend genoeg is baie van hierdie tekste lank en probeer dit 'n greep op Shaka se lewe van sy geboorte tot sy dood kry. Saam met tradisionele prysgedigte wat sedert Shaka se lewe 'n prominente deel van die vroeë Zululiteratuur uitmaak, is daar skeppende skryfwerk wat in tradisionele Westerse genreverme gegiet of daardeur beïnvloed is. Die tekste oor Shaka strek oor die fases van onder meer kolonialisme, apartheid, die struggle, bevryding en postmodernisme. Op hierdie maniere en in hierdie kontekste is Shaka op 'n veelvoud maniere in die Suid-Afrikaanse en wêreld-literatuur opgeneem en gekanoniseer.

Shaka was bekend vir sy besondere hantering van die Zulutaal en lief vir woordspeling.²⁶ In die taal wat Opperman in "Shaka" benut, word aardse en konkrete beelde gebruik en skeep die digter met sy sublieme beeldende en metaforiese vermoë 'n outentieke ruimte waarin Shaka kan bestaan. Deur byvoorbeeld nie gebruik te maak van rymwoorde wat kenmerkend van Westerse poësie is nie, benader Opperman Shaka vernuftig en oortuigend in tyd en ruimte. Ander taalvoorstellings kom voor die uitdaging te staan om Shaka in die konteks van die skrywers se uiteenlopende literatuuropvattinge te plaas. Goro-X se drama *Shaka* steun byvoorbeeld op Shakespeariaanse invloede en die taalgebruik skeep 'n sfeer wat nie oortuig nie. Campbell se *The flaming terrapin* se woordkeuse en verwysings getuig ook van meer as die prekoloniale sfeer.

Tekste oor Shaka is uit Zulu, Sesotho, Engels, Frans, Afrikaans en Nederlands in ander tale vertaal waarin hy verder voortleef. Shaka se eie taal, Zulu, is sedert 1996 een van Suid-Afrika se 11 amptelike tale. Zulu is, soos die wêreldbekende reisverhaalskrywer Jan Morris (1995) sê, "very much alive". Zulu se status as literêre taal word gekenmerk en grootliks bepaal deur die ryke skat van prysgedigte oor Shaka en 'n epos soos Mazisi Kunene, Afrika en Suid-Afrika se

eerste hofdigter (*poet laureate*) (The Associated Press 2006), se *Emperor Shaka the Great: A Zulu epic*, wat oorspronklik in Zulu gekonseptualiseer, geskryf en in 2017 gepubliseer is.

Die literatuur oor Shaka is byna sonder uitsondering 'n bewys van hoe tekste op mekaar inspeel en met mekaar in gesprek tree. Talle van die skrywers sorg dat die (meeste?) bronne waarop hulle steun, vermeld word. Dit gebeur in die tekste self of in inligting wat die skrywers elders verskaf. Sommige skrywers het dit verder nodig geag om, "aanvullend" tot die beskikbare historiese gegewe, fiktiewe karakters te skep en/of te gebruik om hulle tekste te verryk, soos Mofolo se Isanusi, Ndlebe en Malungu; Gray se Pampata en Isanusi; Schoeman se Pampata; en Kunene se Pampata. Dit dra daartoe by dat "the myths become themselves part of history" (Wylie 2011:146).

Digters soos Prince, Opperman, Kunene, Gray en Schaffer het Shaka in lang, uitgebreide gedigte voorgestel, wat bewys lewer van dié verwickelde lewe wat nie net in enkele versreëls verbeeld kan word nie. Hierdie gedigte het 'n sterk epiese karakter, wat Shaka plaas in die kader van die geskiedenis wat op heroïese figure (die "Great Men") gerig is. Die digters bied 'n oorsigtelike beeld van die trauma van Shaka se tyd (of Shaka is na 'n ander era getransponeer, soos in Schaffer se bundel). Gray (1975:66) bevind dat "concentration on Shaka as a literary motif, a magnetic pole, does serve to crystallize some preliminary speculations on how literature has evolved in Southern Africa". Uitdagings bestaan vir skrywers oor Shaka om meer aandag te gee aan die lotgevalle van gewone mense te midde van die sosiale en ekonomiese verandering in Shaka se tyd, asook aan die transformasie van die fisiese landskap en uitwerking op die omgewing (kyk Guy 1980).

In die literatuur word Shaka met onder andere Agamemnon, Attila, Julius Caesar, Tiberius, Beowulf, Napoleon en Hitler vergelyk. Opvallend genoeg is hierdie figure uit die Westerse tradisie en geskiedenis 'n poging om Shaka as enigmatiese figuur te probeer verstaan/verklaar en met ander bekende figure uit die verlede te vergelyk. Die onbetwisbare wreedhede wat aan Shaka se besluite en toedoen toegeskryf word, moet ook teen hierdie agtergronde beoordeel word. In die lig van die min werklik betroubare historiese bronne oor Shaka en die geskakeerde korpus van literêre tekste waarin hy herskep word, het hy meer én minder kenbaar geword en is Laband (2017:64) se woorde uiters toepaslik:

All we can truly say in the end of Shaka the man is that in many ways he will remain unknowable, the projection of conflicting adulatory and condemnatory traditions.

Bibliografie

Amagugu Akwazulu en Abalendeli Bengoma. 2011. *Traditional Zulu music: Songs of King Shaka*. Plek onbekend: Spotify.

Anoniem. 1977. *Ensiklopedie van die wêreld: Deel 9*. Stellenbosch: C.F. Albertyn.

Becker, P. 1966 [1964]. *Rule of fear: The life and times of Dingane*. Herts: Panther.

Becker, P. en F.W. Strydom. s.j. *Die volkere van Suid-Afrika: Volkekundige studies vir std. VII*. Plek en uitgewery onbekend.

- Binckes, R. 2019. *Zulu terror: The Mfecane Holocaust, 1815–1840*. South Yorkshire: Pen and Sword Books.
- Blair, D.S. 1974. *The Shaka theme in dramatic literature in French from West Africa*. Johannesburg: African Studies, Witwatersrand University Press.
- Bruwer, J.P. 1956. *Manne van die Bantoe*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Bryant, A.T. 1929. *Olden times in Zululand and Natal*. Londen: Longmans.
- Burness, D. 1976. *Shaka, King of the Zulus, in African literature*. Washington: 3 Continents Press.
- Cameron, T. en S.B. Spies (reds.). 1986. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.
- Campbell, R. 1924. *The flaming terrapin*. Londen: Jonathan Cape.
- Carton, B., J. Laband en J. Sithole (reds.). 2009. *Zulu identities: Being Zulu, past and present*. Scottsville: University of KwaZulu-Natal Press.
- Cobbing, J. 1988. The Mfecane as alibi: Thoughts on Dithakong and Mbolompo. *Journal of African History*, 29:487–519.
- Cope, T. (red.). 1968. *Izibongo: Zulu praise poems*. Oxford: Oxford University Press.
- Cruz Africa. 2018. *Shaka Zulu*. Spotify.
- Darlow, D.J. 1958 [1940]. *African heroes: Ntsikana. Tshaka. Kharma and Moshoeshoe: Poems*. Lovedale, Natal: The Lovedale Press.
- Dekker, G. 1966 [1958]. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. 9de druk. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, Port Elizabeth en Pietermaritzburg: Nasou.
- De Vries, M.F.R. 2004. *Lessons on leadership by terror: Finding Shaka Zulu in the attic*. Cheltenham: Edward Elgar.
- Dhlomo, H.I.E. 1941. *Valley of a Thousand Hills*. Durban: Knox.
- Dhlomo, R.R.R. 1936. *UShaka*. Pietermaritzburg: Shuter & Shooter.
- Dube, J.L. 1951 [1930]. *Jeqe the body servant of King Tshaka*. Vertaal deur J. Boxwell. Alice: The Lovedale Press.
- Du Buisson, L. 1987. *The white man cometh*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Duncan, C. en A. Krog. 2016. Re-animating the works of Thomas Mofolo by engaging with the original Sesotho texts. *Tydskrif vir Letterkunde*, 53(2):5–14.
-

- Duncan, W., E. Johnson en T. Racicot. 2020. *Shaka*. Plek onbekend: Kickstarter.
- Du Preez, M. 2009. *Of warriors, lovers and prophets: Unusual stories for South Africa's past*. Johannesburg: Penguin Random House South Africa.
- Edgecombe, R. 1986. Die Mfecane of Difaqane. In Cameron en Spies (reds.) 1986:114–26.
- Ferreira, J. 2019. *Bloedlelie*. Pretoria: LAPA.
- Fourie, P. 1976a. *Tsjaka*. Johannesburg: Perskor.
- . 1976b. *Tsjaka*. Johannesburg: DALRO.
- . 1976c. *Shaka*. Vertaal deur S. Gillham. Kaapstad: Longman/Penguin.
- Fuze, M.M. 1979. *The black people and whence they came: A Zulu view*. Vertaal deur H.C. Lugg, geredigeer deur A.T. Cope. Pietermaritzburg/Durban: University of Natal Press / Killie Campbell Africana Library.
- Golan-Agnon, D. 1994. *Inventing Shaka: Using history in the construction of Zulu nationalism*. Boulder, Colorado: Lynne Rienner Publishers.
- Golightly, W. 2007. *AmaZulu*. Londen: Quercus.
- . 2011. *Shaka the Great*. Londen: Quercus.
- . 2013. *The People of the Sky*. Londen: Quercus.
- Goody, J. 2012 [2006]. *The theft of history*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Goro-X, S. 1940. *Shaka: A drama*. Johannesburg: Juta.
- Gray, S. 1975. Shaka as literary theme. *South African Journal of African Affairs*, 5(1):66–70.
- . 1987. *John Ross, the true story: A novel*. Johannesburg: Penguin.
- Guy, J. 1980. Ecological factors in the rise of Shaka and the Zulu kingdom. In Marks en Atmore (reds.) 1980:102–19.
- . 2005. *The Maphumulo uprising: War, law and ritual in the Zulu rebellion*. Scottsville: University of KwaZulu-Natal Press.
- . 2013. *Theophilus Shepstone and the forging of Natal: African autonomy and settler colonialism in the making of traditional authority*. Scottsville: University of KwaZulu-Natal Press.
- Haggard, H.R. 1949 [1892]. *Nada the Lily*. Londen: MacDonald.
-

Hamilton, C. 1998. *Terrific majesty: The powers of Shaka Zulu and the limits of historical intervention*. Cambridge, Massachusetts en Londen: Harvard University Press.

Hamilton, C. (red.). 1995. *The Mfecane aftermath: Reconstructive debates in Southern African history*. Johannesburg/Pietermaritzburg: Witwatersrand University Press / University of Natal Press.

Harvey, C.J.D. s.j. Jorik's journal and other poems by D.J. Opperman. Ongepubliseerde manuskrip. Stellenbosch: Dokumentesentrum, J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit Stellenbosch.

Isaacs, N. 1970 [1836]. *Travels and adventures in Eastern Africa*. Kaapstad: Struik.

Kannemeyer, J.C. 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur: Band II*. Pretoria, Kaapstad en Johannesburg: Academica.

Knight, I. 1995. *The anatomy of the Zulu army from Shaka to Cetshwayo, 1818–1879*. Londen/Pennsilvanië: Greenhill Books / Stackpole Books.

Konate, S. 2012. Violence in two African epics: A comparative study of Chaka and Sundiata. Ongepubliseerde dokument in artikelskrywer se besit.

Koopman, A. en E. Jenkins. 2010. The naming of King Shaka International Airport. *Natalia: Journal of the Natal Society Foundation*, 40:134–7.

Krog, A. 2010. Die verkleurmannetjie(s) op Shaka: 'n Vergelyking tussen D.J. Opperman en Thomas Mofolo. *Tydskrif vir Letterkunde*, 47(2):5–18.

Kunene, D. 1989. *Thomas Mofolo and the emergence of written Sesotho prose*. Johannesburg: Ravan Press.

Kunene, M. 1984 [1979]. *Emperor Shaka the Great: A Zulu epic*. Vertaal in Zulu deur die skrywer. Londen, Ibadan en Nairobi: Heinemann.

Laband, J. 1995. *Rope of sand: The rise and fall of the Zulu kingdom in the nineteenth century*. Johannesburg: Jonathan Ball.

—. 2017. *The assassination of King Shaka*. Johannesburg en Kaapstad: Jonathan Ball.

—. 2018. *The eight Zulu Kings*. Johannesburg en Kaapstad: Jonathan Ball.

Laband, J. en P. Thompson. 2001. *The illustrated guide to the Anglo-Zulu War*. Pietermaritzburg: University of Natal Press.

Limb, P. (red.). 2008. *Orb and sceptre: Studies on British imperialism and its legacies, in honour of Norman Etherington*. Melbourne: Monash University ePress.

Loots, S. 2018. Mens-dier-verhoudings in Thomas Mofolo se historiese roman *Chaka* (1925, 2017). *LitNet Akademies*, 15(3):627–53. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2018/12/LitNet_Akademies_15-3_Loots_627-653.pdf.

Luwes, N.J. 2012. Pieter Fourie (1940–) se bydrae as Afrikaanse dramaturg en kunstebestuurder: 1965–2010. PhD-proefskrif, Universiteit van die Vrystaat.

Makaudze, G. 2015. Literature as celebration: The Zulu (*Emperor Shaka*) and Mandingo (*Sundiata*) epic. *Imbizo*, 6(1):27–38.

Malaba, M.Z. 1986. Shaka as a literary theme. PhD-proefskrif, University of York.

Marais, J.L. 2010. D.J. Opperman se “Shaka” uit *Heilige beeste* binne die historiese konteks van sy ontstaan. <https://versindaba.co.za/2010/10/26/djopperman-se-shaka-uit-heilige-beeste-jlmarais> (16 April 2020 geraadpleeg).

Marks, S. en A. Atmore (reds.). 1980. *Economy and society in pre-colonial South Africa*. Londen: Longman.

McMenemy, N. 1973. *Assegai!* Londen: Mayflower Books.

Meintjes, J. 1976. *The Anglo-Boer War 1899–1902*. Kaapstad: C. Struik.

Michener, J.A. 1980. *The Covenant*. New York: Fawcett Crest Books.

Mofolo, T. 1974 [1926]. *Tjhaka*. Vertaal deur C. Swanepoel. Kaapstad: Tafelberg.

—. 2017. *Chaka: Die nuwe Afrikaanse vertaling*. Vertaal deur C. Swanepoel. Pretoria: Unisa Press. (Met oudioboek deur A. Krog.)

Morris, D.R. 1998 [1966]. *The washing of the spears: A history of the rise of the Zulu nation under Shaka and its fall in the Zulu War of 1879*. New York: Da Capo Press.

Morris, J. 1995. Africa’s old dancing fury: Shaka’s children. Stephen Taylor HarperCollins £ 18. *The Independent*, 7 Januarie. <https://www.independent.co.uk/arts-entertainment/books/africas-old-dancing-fury-shakas-children-stephen-taylor-harpercollins-16318-1566929.html> (16 April 2020 geraadpleeg).

Mtshali, O.M. 1971. *Sounds of a cowhide drum*. Johannesburg: Renoster.

Mulikita, F.M. 1967 [1965]. *Shaka Zulu: A play*. Lusaka: Longmans of Zambia.

Mwangi, M. 1989. *The return of Shaka*. Londen: LongHorn.

Nienaber, S. 1977. *Tuinprovinsie Natal*. Kaapstad: Tafelberg.

Noel, B. 1977. Ons planteryk. In Nienaber (red.) 1977:10–11.

Opperman, D.J. 1947 [1945]. *Heilige beeste*. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk.

—. 1967. Brief aan H.W. Truter. Dokument 118.K.Tr.3(12). Stellenbosch: Dokumentesentrum, J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit Stellenbosch.

Osei, G.K. 2001 [1971]. *Shaka the Great*. Baltimore, MD: Black Classic Press.

Poland, M., D. Hammond-Tooke en L. Voigt. 2003. *The abundant herds: A celebration of the Nguni cattle of the Zulu people*. Kaapstad: Fernwood Press.

Prince, F.T. 1938. *Poems*. Londen: Faber & Faber.

Raper, P.E., L.A. Möller en L.T. du Plessis. 2014. *Dictionary of Southern African place names*. Johannesburg en Kaapstad: Jonathan Ball Publishers.

Ritter, E.A. 1985 [1955]. *Shaka Zulu*. Harmondsworth: Penguin.

Schaffer, A. 2016. “A reflection of a reflection”: Notes on representational and ethical possibilities in Thomas Mofolo’s *Chaka*. *Tydskrif vir Letterkunde*, 53(2):147–60.

—. 2018. *Mens dier ding*. Vertaal deur Z. Bezuidenhout. Kaapstad: Human & Rousseau.

Schoeman, P.J. 1978. *Pampata: Die beminde van koning Tsjaka*. Johannesburg: Perskor.

—. 1983. *Phampatha, the beloved of King Shaka*. Vertaler onbekend. Kaapstad: Timmins.

Senghor, L.S. 1958. *Ethiopiennes*. Parys: Editions du Seuil.

Sévry, J. 1991. *Emperor des Zoulous: Histoire, Mythes et Légendes*. Parys: L’Harmattan.

Shamase, M.Z. 2014. The royal women of the Zulu monarchy through the keyhole of oral history. *Inkanyiso: Journal of Humanities and Social Sciences*, 6(1):1–14.

Singana, M. 1987. *We are growing*. Plek onbekend: Trax Musica.

Skotnes, C. en S. Gray. 1974. *The assassination of Shaka*. Johannesburg: McGraw-Hill.

Sosibo, K. 2017. Shaka epic born anew, in isiZulu. *Mail & Guardian*, 17 Maart. <https://mg.co.za/article/2017-03-16-shaka-epic-born-anew-in-isizulu> (2 Februarie 2020 geraadpleeg).

Spilsbury, R. 2014. *Shaka Zulu*. Londen: Raintree.

Spronk, J.M. 1984. Chaka and the problem of power in French theatre in black Africa. *The French Review*, 57(5):634–40.

Stanley, D. en P. Vennema. 1994. *Shaka: King of the Zulus*. Plek onbekend: Tandem Library.

Strydom, F.W. 1977. *Die swart verskrikking: Die verhaal van Tsjaka en die Volk van die Hemele*. Johannesburg: Perskor.

- Swanepoel, C. 2017. Inleiding. In Mofolo 2017:1–10.
- Taylor, S. 1994. *Shaka's children: A history of the Zulu people*. Londen: HarperCollins.
- The Associated Press. 2006. Mzisi Kunene, 76, South African poet laureate, is dead. *The New York Times*, 22 September. <https://www.nytimes.com/2006/09/22/obituaries/22kunene.html> (15 April 2020 geraadpleeg).
- Tosh, J. en S. Lang. 2006. *The pursuit of history: Aims, methods and new directions in the study of modern history*. 4de uitgawe. Londen: Longman.
- Van Coller, P.P.R. 1946. *Die swart Attila: Verhale van Shaka*. Johannesburg: Unie-Boekhandel.
- Vassilates, A. 2011. A misreading of poetic proportions: Thomas Mofolo and Léopold Sédar Senghor's Chaka: Two texts in conversation. *English Studies in Africa*, 54(2):136–53.
- Vilakazi, B.W. 1973. *Zulu horizons*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Webb, C. de B. en J.B. Wright (reds.). 1976–2014. *The James Stuart archive of recorded oral evidence relating to the history of the Zulu and neighbouring peoples*. Pietermaritzburg: University of Natal Press.
- Weir, J. 2008. King Shaka, the diviners and colonialism. In Limb (red.) 2008:5.1–5.18
- Wolver, L.W. 2019. *King Shaka: Zulu legend*. Pietermaritzburg: Catalyst Book Press.
- Wolver, L.W. en M. O'Connor. 2017. *Shaka rising: A legend of the warrior prince*. Mayor's Walk: Story Press Africa.
- Wylie, D. 1995a. Language and assassination: Cultural negotiations in white writers' portrayal of Shaka and the Zulu. In Hamilton (red.) 1995:71–103.
- . 1995b. The Selves in the Other: The Shaka poems of D.J. Darlow and F.T. Prince. *Current Writing*, 7(1):70–87.
- . 2000. *Savage delight: White myths of Shaka*. Scottsville: University of Natal Press.
- . 2006. *Myth of iron: Shaka in history*. Scottsville: University of KwaZulu-Natal Press.
- . 2012 [2011]. *Shaka: A Jacana pocket biography*. Aucklandpark: Jacana.

Eindnotas

¹ Shaka se naam word ook op ander maniere gespél, naamlik Chaka, Tjhaka, Tshaka, Tsjaka en uShaka/UShaka. In hierdie artikel word buiten in titels en aanhalings sover moontlik by die korrekte Zulu-ortografie van persoons- en plekname gehou; asook die spelling

isiZulu/Zulu in plaas van Zoeloe. Volgens Laband (2017:55–6) getuig die betekenis van Shaka se naam van hoe perspektiewe oor hom verskil. Dit sluit in verwysing na die kweker wat die Zulu's *inkambi* (en later *itshaka*) genoem het en volgens Zulu-oorlewering maagkwale en 'n opgeswelde buik veroorsaak. Toe Nandi swanger met Senzangakhona se kind was, sou sy na bewering aan hierdie kwaal gely het. Koning Cetshwayo het gesê Shaka se naam het aangedui dat hy 'n onegte of onwettige kind is. Nog 'n oorlewering is dat Dingiswayo die naam aan Shaka uit erkentlikheid vir sy militêre bekwaamheid gegee het en dat dit beteken: "Hy wat oorwin, maar nie oorwin word nie" (*uSitshaka ka sitshayeki*). Shaka was egter moontlik die eerste 25 jaar van sy lewe as Sikiti bekend (Wylie 2006:85; 2011:47).

² Wylie (2006:3–4) verkies die term *anti-biography* vir sy omvangryke *Myth of iron: Shaka in history* (2006). Wylie se *Shaka: A Jacana pocket biography* (2011) het egter nie hierdie kwalifisering nie.

³ Kort op die hakke van die TV-reeks het Stephen Gray met *John Ross: The true story* (1987) en veral Louis du Buisson met *The white man cometh* (1987) alternatiewe sienings van Shaka gebied.

⁴ Die debat is deur Julian Cobbing (1988) met sy "Cobbing-tese" begin. Volgens Laband (2017:33) is "consensus [...] hardening that the Zulu kingdom, although a prominent player during the *mfecane*, was neither its sole instigator nor its sole motor. [...] [T]he technological and physical capacity to massacre untold numbers simply did not exist." Wylie (2011:33–4) onderskryf hierdie standpunt.

⁵ "Shaka Day" is sedert die 1970's gevier. Sedert 1996 is 24 September bekend as Erfenisdag, een van die amptelike vakansiedae op die Suid-Afrikaanse kalender.

⁶ Oor koning Solomon ka Dinuzulu (1891–1933) skryf Laband (2018:307–18).

⁷ "The actual place of burial is, in fact, of little significance, at least among traditionalists. After all, the ancestors are believed to be everywhere, able to protect their descendants wherever they may be, even in town or in distant countries," skryf Poland e.a. (2003:14). Dit verklaar waarskynlik waarom geen werklik indrukwekkende grafstene vir Shaka in kwaDukuza en Nandi by Matheko naby Eshowe opgerig is nie. Veral Nandi se graf is baie verwaarloos.

⁸ Guy (2013) bespreek Fynn, Isaacs en Farewell se perspektiewe oor Shaka en prekoloniale Zululand en verduidelik hoe hulle hul verbeelding ingespan het om geld by die kapitaliste in Engeland te kry.

⁹ Wylie (2006:14) verkies om hierdie gebied die "Thukela-Phongolo catchment" te noem, aangesien die naam waarskynlik nie in Shaka se era gebruik sou gewees het nie.

¹⁰ Volgens Malaba (1986:156) het Haggard skrywers so uiteenlopend soos Rudyard Kipling, D.H. Lawrence, Graham Greene en C.S. Lewis beïnvloed.

¹¹ Malaba (1986:x) bevind "[t]he Haggardian legacy of blood-and-thunder epics, with a dash of romance, had an enormous influence on the subsequent portrayal of Zulus (and Southern African blacks, generally) in English literature".

- ¹² Oor die literêre gesprek tussen Mofolo en Senghor skryf Vassilates (2011).
- ¹³ 'n Engelse vertaling van die gedig deur prof. C.J.D. Harvey (s.j.) verskyn in sy ongepubliseerde manuskrip getitel *Jorik's journal and other poems* by D.J. Opperman.
- ¹⁴ Vreemd genoeg neem Gray nie Opperman se "Shaka" in die bibliografie op nie, al het hy by geleentheid skatpligtigheid jeens die gedig bely.
- ¹⁵ Fourie (1976b:43) haal Shaka se woorde soos volg aan: "Ek het die wêreld verower,/ maar ... / my moeder verloor."
- ¹⁶ Die verwysing gee eers die bladsynommer en dan die genommerde versreëls van die gepubliseerde werk.
- ¹⁷ Kunene (1979:xxxiv–xxxv) verstrek 'n lys van Shaka se bevelvoerders en regimente.
- ¹⁸ F.W. Strydom was saam met P. Becker die skrywer van *Die volkere van Suid-Afrika: Volkekundige studies vir std. VII*.
- ¹⁹ Zulu kaMalandela (1627–1709).
- ²⁰ Die omvang en gevolge van die Mfecane word as intermezzo in hoofstukke 7 en 8 bespreek en onderbreek die oorsig oor Shaka se lewe en lotgevalle.
- ²¹ Shaka se vroeë naam 'Mlil'uyavu(t)ha beteken "die Vuur-wat-verteer" (1 en 82); hy is ook Nodum'ehlezi (218) genoem.
- ²² Kunene (1979:61, 18–9) skryf ook oor Shaka se konflik met "the Wild Man of the forest, / Who is said cuts down travellers with his battle axe".
- ²³ Die Bambatha-rebellie het onder die Qwabe in die Maphumulo-distrik ontstaan. Dié kleinboere-opstand was teen Britse beheer en hoofbelasting in die oneffektiewe Natalse kolonie gemik (kyk Guy 2005).
- ²⁴ Pampata/Mpampatha maak ook 'n verskyning in Gray (1974) en Fourie (1976b). In Kunene (1979:62, 327–8) se epos word sy beskryf as "his lover" en "the king's only favourite. / She was favoured by the king for her mind and calmness. / [...] / Her beauty lay in her power to please when she chose to please."
- ²⁵ Kyk Kunene (1979:319–21, 330–2) en Loots (2018).
- ²⁶ Dat Shaka by geleentheid 'n lied gesing het "which he had *written* extolling his own military prowess" (Binckes 2019:16; my beklemtoning), is foutief. Daar is geen aanduiding dat Shaka ooit so iets sou gedoen het nie.